# Wanneer die RAMP jou tref

## Dagstukkies oor Job

geskryf deur

Louis Nel

# Wanneer die Ramp Jou Tref

## Oordenkinge oor Job

Louis Nel

Januarie 2016

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

 **Terug na INHOUD**

# Inhoud

**Voorwoord**
**Die Hemelvergadering**
**Ramp op Ramp Tref Job**
**'n Tweede Hemelvergadering**
**Op die Ashoop**
**Job se Donker Gedig**
**Elifas se Troos**
**Ware Vriendskap**
**Job Verwyt God**
**Bildad**
**Job is Moedeloos**
**Gevorm in die Moederskoot**
**Sofar se Troos**
**Job Tel Kop Op**
**Bly Liewer Stil!**

**Is daar lewe na die dood?**
**Wat 'n Vriend het ons in Jesus**
**Job Voel Verwerp**
**Is God Onregverdig?**
**God Het Jou Nodig**
**Lig en Duister**
**Wie verstaan die dade van God?**
**Lied van Wysheid**
**Ek is Onskuldig!**
**Elihu die Regter**
**Job voor die Jurie**
**Verstaan Jy God?**
**God Aan die Woord**
**Die Misterie van die Skepping**
**Wildedonkies en Buffels**
**Die Seekoei en die Krokodil**
**Epiloog**

 **Terug na INHOUD**

# Voorwoord

Wie was hierdie skatryk man met die groot geduld, wat so tragies bankrot gespeel het? Waar en wanneer het hy geleef? Vrae wat nie maklik is om te antwoord nie.........

Spreuke, Prediker en Job word gesien as die drie sogenaamde Wysheidsboeke van die Ou Testament. En inderdaad is Job propvol Goddelike wysheid. Maar nie alleen dit nie: die boek word beskou as een van die grootste litirêre kunswerke van alle tye! Job is, met ander woorde, 'n baie besonderse boek.

Ongelukkig is dit so, dat almal wel die storie van Job baie goed ken, die skatryk man wat oornag al sy rykdom verloor het, maar vir wie God dit alles later dubbel teruggegee het. Maar hierdie is maar die eerste en laaste hoofstukke. En die ander veertig tussenin lees bitter min mense ooit, want dis “vervelig”. Maar dit is juis in hierdie veertig



**Terug na INHOUD**

hoofstukke waar al die wysheid opgesluit is, asook aangrypende gedigte oor 'n mens se worsteling met God wanneer alles verlore lyk.

Oor die historiese figuur Job, die man met die mooiweersvriende weet ons eintlik niks. Ons kan maar net aanneem dat sy verhaal iewers in die Aardsvaders se tyd afgespeel het, moontlik in Abraham se tyd, sowat 1500 v.C. Die plek waar die verhaal afspeel, is nog 'n groter raaisel. Ons weet net eenvoudig nie! Die boek is egter geskryf iewers tussen 500 en 300 v.C. tydens die Persiese tydperk, met ander woorde nadat die volk uit ballingskap teruggekeer het.

Die boek Job het 'n tema wat regdeur die boek loop, deur al 42 hoofstukke. Dit is 'n eeueoue vraagstuk waarmee mense al van die vroegste tye af worstel, en wat vandag in die eeu van rekenaars en ruimtereise nog steeds net so relevant is: die regverdigheid van God. Die vraag is waarom onskuldige mense ly as God dan werklik regverdig en

 **Terug na INHOUD**

goed is? Job word direk gekonfronteer met hierdie vraagstuk, eers deur sy vriende en dan ook deur sy vrou. Uiteindelik word Job verteer deur die vraag, en weet hy nie herwaarts of derwaarts nie. Dan wil hy God bevraagteken wanneer hy tot breekpunt kom.

Wanneer die boek iewers na 500 v.C. op skrif gestel word, gaan dit maar bitter swaar met Juda. Die samelewing bestaan aan die een kant uit verarmde kleinboere wat van die hand na die mond leef, en aan die ander kant mense wat uitgestyg het en skatryk geword het. Die meeste rykes het hulle nie aan die arme sukkelaars gesteur nie. Tóg was daar ook skatryk mense wat hulle ontferm het oor die armes. Sulke mense is dikwels “regverdiges” genoem. Die verhaal gaan dan juis ook oor so 'n “regverdige” skatryk man met 'n groot huishouding en verskeie veetroppe. Job word voorgehou as iemand wat waarlik omgegee het vir sy medemens.

Job word geskilder as 'n invloedryke man wat nie alleen baie besittings en slawe gehad het

nie, maar hy was 'n gerespekteerde man op wie baie mense staatgemaak het vir raad. Hy was iemand wat die reg gehad het om in die stadspoorte te sit – iets wat slegs baie spesiale mense beskore was. Daar het hy opgetree as regter. Boonop was hy 'n lid van die stad se bestuursliggaam.

Ten spyte van die feit dat hy so 'n belangrike en ryk persoon was, word daar ook in die boek vir ons vertel hoe besorg hy was oor die armes, die weduwees en die weeskinders. Hy het klere en slaapgoed vir die armes gegee en sy kos met hulle gedeel. Hy was die een wat in die bres getree het vir almal wat uitgebuit was.

Dit is dan juis so onverstaanbaar wanneer sy mooiweersvriende die beskuldigings voor sy voete gegooi het, dat hy die armes uitgebuit het.

Die boek is geskryf in die vorm van 'n toebroodjie, waar die eerste twee hoofstukke die proloog vorm, en die laaste hoofstuk die epiloog in prosa styl. In die proloog word

vertel hoedat Job moes ly as 'n toets vir sy vroomheid. Hier maak ons ook kennis met sy “wonderlike” vriende wat met hom kom simpatiseer. In die epiloog word die rolle omgekeer, en dan is Job die een wat mildelik deur God geseën word, en sy mooiweersvriende moet hoed in die hand voor hom kom staan en vra dat hy vir hulle bid.

Die “jêm” in die Job-toebroodjie is 'n reeks aangrypende gedigte wat gesprekke tussen Job en sy vriende, sy vrou asook God uitbeeld. Daar is ook monoloë waar Job sy lot bekla. En dan is daar die asemrowende redevoering van God, wanneer Hy alles verduidelik en antwoorde gee op Job se vrae.

Die vraag op baie mense se lippe, is of Job werklik 'n historiese figuur was, en of dit slegs 'n gelykenis is om 'n boodskap deur te gee? Die antwoord is eenvoudig: Ons weet nie! Vir my persoonlik is Job 'n werklikheid, want so lees ons mos in die verhaal!


**Terug na INHOUD**

Wat die boodskap van Job betref: hierdie is nie die verhaal van 'n man wat maar gedweë sy lot aanvaar het nie. Job het bitter vrae gevra! Hy het God bevraagteken, selfs sy vuis na die hemel gebal. Uit die boek leer ons dat ons nie Godsdiens beoefen om die een of ander byvoordeel te kry nie. Ons lewe uit genade alleen.

*Louis Nel*

## Die Hemelvergadering

## Job 1:1-12

“In die land Us was daar 'n man met die naam Job.” So begin die verhaal van een van die bekendste figure in die Ou Testament. As jy dalk wonder waar hierdie land Us geleë was – baie geleerdes het ook al gewonder en bespiegel. Party reken dat dit dalk in die omgewing van Edom was, omdat dit gepas sou wees dat die “wysheidsverhaal” van Job in 'n wysheidsomgewing soos Edom sou afspeel. Dit bly egter slegs bespiegelinge.

In die eerste verse word Job geskilder as 'n baie vroom man wat God met 'n opregte hart gedien het en van die sonde af weggebly het. Ons sien ook dat hy baie vir sy kinders omgegee het, want hy het namens hulle aan die Here offers gebring, net vir ingeval hulle dalk iewers gesondig het. Hulle het immers partytjies gehou, en by so 'n plek is dit maklik om te struikel. Die skrywer vertel dat daar by hierdie spesifieke geleentheid sommer so 'n reeks partytjies was en Job wou nie kanse

waag nie! Lyk my hierdie jongmense het gewéét van paartie! En elke keer het Job maar weer by die Here ingetree vir sy kinders, nét vir ingeval.....

Wanneer 'n belangrike persoon in die Bybel beskryf word, word sy geslagsregister gewoonlik in groot detail aangehaal om te wys presies waar hy vandaan kom en waar hy in die samelewing inpas. By Job is daar egter géén geslagsregister nie. 'n Mens wonder waarom dit so is? Daar kan een van twee redes wees: Die een is dat hy slegs 'n fiktiewe karakter kan wees, en dat die verhaal 'n boodskap moet uitdra. Die ander rede kan wees dat die skrywer hom nie beskou as iemand wat deel is van 'n spesifieke volk nie, maar dat hy 'n universiële figuur is wat alle vroom mense van alle tye wat ly, verteenwoordig. Ek sou graag die tweede rede wou ondersteun.

Buiten vir sy vroomheid, word Job ook aan ons voorgestel as 'n baie ryk man, 'n tipiese ou-Oosterse vors. Die skrywer beskryf Job

se rykdom in simboliese volgetalle, wat die volkomenheid van sy  rykdom onderstreep. Daar is sewe seuns ('n volgetal) 3 dogters (weereens 'n volgetal) en seweduisend stuks kleinvee (ook 'n volgetal).  Verder is daar nie minder nie as 3000 kamele, 1000 trekosse, 500 donkies en 'n groot aantal slawe. Gaan reken hierdie getalle om in geldwaarde vandag, en jy sal by 'n astronomiese syfer kom. Dit sou baie miljoene beloop!

Maar dan verskuif die skrywer se vertelling na 'n totaal ander plek of dimensie – noem dit maar wat jy wil. Nou bevind ons ons in die troonsaal van God waar die hemelwesens eerbiedig voor Jahweh, die Here staan. Alles is so wonderbaarlik heilig en vars en skitterend skoon. Maar een van hierdie engele staan uit tussen die res soos 'n seer duim. Daar is iets baie sinistêr aan hom. Dit is asof al die ander so 'n bietjie wegstaan van hom af, so asof hulle hulleself van hom wil distansiëer.

“Waar kom jy nou vandaan?” vra die Here vir

die engel.

“O, ek het op 'n wêreldreis gegaan, die ganse aarde deurkruis,” antwoord die engel, ook bekend as Lusifer, die gevalle engel wat destyds teen God in opstand gekom het. Sy titel, die Satan beteken letterlik “aanklaer”, en dit is presies wat hy beoog om hier te kom doen. Maar eintlik is hy baie meer as 'n aanklaer: hy is vandag 'n lastige moeilikheidmaker.

Die Here weet presies waaroor die Satan hom vandag hier tussen die ander heilige engele kom inwurm het: “Dan het jy seker My dienaar Job iewers raakgeloop?” vra die Here, want Hy wéét sommer dat die moeilikheidmaker éintlik hier is om Job by te kom. “Job se gelyke sal jy nêrens op aarde kry nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en hy bly weg van die kwaad af.”

Die Aanklaer is nou sommer ontsteld: “Dis nie regverdig nie!” kla hy voor die Here, “Natúúrlik sal hy U mos dien! U trek hom voor – U beskerm hom en sy huis en al sy

goed. Hy kry die hele tyd net voorspoed van U af. Kyk byvoorbeeld net hoe vinnig teel sy vee aan!"

Dan kry die Satan so 'n slinkse glimlag om sy sluwe mondhoeke: "Laat daar nou net iets gebeur met al sy besittings, dan sal hy 'n ander deuntjie begin sing. Dan sal hy U in die gesig vervloek!"

Die Here skud Sy kop meëwarig: "Lusifer, Ek gee jou die reg om met Job se besittings te maak nét wat jy wil. Los hom net uit – aan Job sélf mag jy nie raak nie."

Tevrede draai die Satan om. Hy is oortuig daarvan dat hy vir Job gaan knak. Hy gaan sy bose plan haarfyn uitvoer en bewys dat énige mens, hóé vroom ookal, sal val as sy rykdom bedreig word. Hy sal met Job se vee begin en hom hárd slaan daar waar dit baie seer maak. God sal baie gou agterkom dat Job maar net nóg 'n mooiweersgelowige is nes so baie ander.

Ek en jy moet vanoggend vir onsself eerlik afvra of ons nie dalk ook maar

mooiweersgelowiges is nie, en of ons ooit sal staande bly wanneer die listige een ons tref met groot terugslae. En ek kan jou waarborg dat dit gladnie maklik is nie. Ek het self al 'n slag of wat baie hard met die grond kennis gemaak, en om dan steeds in sulke omstandighede staande te bly, is bitter moeilik.

Gebed:

Here, alles wat ek besit is alleen aan my geleen. Help my om nie so verknog te raak aan my besittings, dat ek vergeet aan Wie dit waarlik behoort nie.

## Ramp op Ramp Tref Job

## Job 1:13-22

Van ver af sien Job die man aangehardloop kom. Hy herken hom as een van sy getroue slawe. Job kry so 'n benoude gevoel oor sy borskas: “Wat sou verkeerd wees?” wonder hy, “Daar moet iets baie groot fout wees want die slaaf hardloop asof sy lewe daarvan afhang!”

Skielik oorval 'n groot skrik vir Job: “Ek hoop nie daar het fout gegaan by die kinders nie!” Daar is hoeka 'n gróót partytjie aan by sy oudste seun se huis, en al die kinders het daar saamgetrek om fees te vier. Hy is júís so bekommerd oor die groot hoeveelheid wyn wat hulle bestel het vir die partytjie.

Uitasem val die slaaf stokflou voor Job neer. “Wat is fout?” wil Job weet. “Toe kêrel, praat! Het een van my kinders seergekry?”

“Nee Meneer,” hyg die arme slaaf, snakkend na sy asem, “dis die osse Meneer.....”

Job slaak 'n groot sug van verligting: “En wat



**Terug na INHOUD**

is fout met die osse?"

"Dit was verskriklik Meneer, ons was nog so rustig besig om te ploeg – die donkies het so 'n entjie van ons af staan en wei, toe die manne daar aankom."

"Watter manne?" Job moet die storie letterlik uit die verskrikte slaaf uittrek.

"Dit was 'n klomp skelms uit Skeba, Meneer."

"Ja, en toe? Wat wou hulle hê?"

"Die osse, Meneer! Hulle het ons beroof! Hulle het al die osse gevat, en die donkies ook! Ons wou nog keer, maar hulle was te sterk vir ons. Hulle het alles gevat, die laaste een!"

"En waar is jou maats? Waarom het hulle nie saam met jou teruggekom nie?"

"Almal dood, Meneer!" snik die arme man dit uit. "Hulle het almal doodgemaak. Ek was baie gelukkig om te kon wegkom."

Job is verslae: Hoe kan mense so wreed wees? Kon hulle nie maar die vee gevat het en die mense uitgelos het nie?

Terwyl die slaaf nog staan en vertel, kom daar 'n tweede slaaf uitasem by die huis aangestrompel. “Meneer, iets verskriklik het gebeur!” hyg hy.

Job voel hoedat sy knieë lam word. “Wat het gebeur? Toe, praat man!”

“Weerlig, Meneer!” hyg die man, sy oë so groot soos pierings. “Ek het nog nooit so 'n verskrikking beleef nie!”

“En was daar skade?” wil Job weet.

“Meneer, dis te verskriklik om te vertel: Dit was asof die duiwel homsélf in daardie afgryslike storm was. Al die kleinvee is deur die vuur uit die hemel verteer. Maar die ergste is dat die wagters ook doodgeslaan is deur die weerlig. Alles en almal tot as verbrand!”

“En jy?” wil Job weet, “Hoe het jy weggekom?”

“Nee Meneer, ek weet nie! Deur genade is ek die enigste een wat oorleef het.”

Job is stomgeslaan. Hoe is dit moontlik dat

twee sulke terugslae hom op een dag kan tref?

Maar nog is dit het einde niet, want die man is nog besig om die afgryslike details te gee, wanneer 'n derde slaaf aangehardloop kom. Job wéét al sommer dat hier nóg 'n tragedie afgespeel het, en sy hart sak in sy sandale.

Bedroef luister Job hoedat die man vertel van die Galdeërs wat hulle aangeval het. Daar was drie groepe van hierdie wrede rowers. Hulle is weg met die hele trop kamele. “Meneer, ons het moedig geveg om u eiendom te behou, maar hulle was te sterk vir ons. Hulle het al die veewagters doodgemaak. Ek was baie gelukkig om te kon ontsnap.”

Job wil dat dit alles tog maar net 'n droom moet wees, 'n nare nagmerrie. Maar hy besef al te goed dat dit die werklikheid is. Hy het op een enkele dag ál sy besittings wat deur baie jare bekom is, verloor.

Verslae sien Job 'n vierde slaaf aangehardloop kom. “Ek het niks meer wat

ek kan verloor nie,” sug Job, “watter soort slegte nuus kan hierdie slaaf tog bring? Alles wat my kon tref, hét my reeds getref!”

Die slaaf val voor Job se voete neer, en dan bars hy in rou snikke uit. “Meneer, dis te verskriklik om te vertel!” ruk dit deur hom wanneer hy sy asem terugkry. “Dis u kinders Meneer, hulle het partytjie gehou by u oudste seun se huis.”

“Ja, wat het gebeur?” Job kry 'n siek gevoel op sy maag. Hy wéét sommer al wat die man gaan sê.

'n Verskriklike wind uit die woestyn het die huis waarin hulle besig was met die grond platgevee. Niemand het oorleef nie, buiten hierdie een slaaf.

Rou snikke ruk deur Job se liggaam. Hy skeur sy klere en gaan lê in die stof: “Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here!”

Gebed:

Here, my hart gaan uit na elkeen wat soos Job alles in die lewe verloor het.

## 'n Tweede Hemelvergadering

## Job 2:1-7

Gister het ons gelees van die veskriklike rampe wat Job getref het. Hoe is dit moontlik dat so baie dinge een man op een dag kan tref?

Die vertelling begin by die huis van Job se oudste seun waar daar groot vrolikheid heers. Maar jy kry sommer al 'n hol kol op die maag wanneer jy hierdie “terloopse” sinnetjie lees, want jy weet dat die vrolikheid in 'n tragedie gaan eindig.

Dan begin die rampe meedoënloos die een na die ander totdat 'n voltal tragedies hom tref – vier tragedies uit die vier windstreke van die wêreld. Job se ongeluk is omvattend en volmaak.

Die rowers uit Skeba val uit die suide aan, waar die teenswoordige Jemen in Arabië is. Die weerlig wat sy vee en wagters doodslaan kom van die Middellandse See in die weste af. Uit die noorde kom die Galdeërs – hulle is

die voorlopers van die Babiloniërs. Die tragiese klimaks, so skerp in kontras met die begin van die verhaal waar die kinders vrolik partytjie hou, kom uit die ooste uit die woestyn. Die vrolike partytjiehuis word binne oomblikke omskep in 'n lykshuis.

Al Job se ryke seëninge – sy kinders, sy donkies, kamele, osse en kleinvee - word in een enkele dag eensklaps van hom weggeneem. Almal moet verslae toekyk as Job in diepe rou gaan. Hy skeur sy klere, skeer sy hare af, val op die grond neer in die stof en gaan oor in 'n hartverskeurende gebed – die gebruiklike rourituele van daardie tyd.

Ons verwag dat Job na so 'n verskriklike nagmerrie baie bitter sal wees, dat hy in opstand sal kom teen God. Dit sou enige mens se natuurlike reaksie wees. Job se reaksie is egter een van aanvaarding: “Met niks het ek in die wêreld gekom, en met niks gaan ek weer uit.” Hy bely dat alles wat hy gehad het van God af kom. Waarom sal hy

kla as God dit weer wegneem? Job buig onvoorwaardelik voor God, ten spyte van alles wat hom getref het.

Die Satan moes sékerlik uit pure frustrasie die hare uit sy kop getrek het, want Job het hierdie toets teen alle verwagtinge in met vlieënde vaandels geslaag. Job is beslis nie die mooiweersgelowige wat die Satan hom toegedig het nie – sy vroomheid is inderdaad eg!

En so gebeur dit dat daar weer 'n “hemelvergadering” plaasvind, waar die hemelwesens voor die Here kom staan, en weereens is die ongemaklike teenwoordigheid van die Satan pynlik sigbaar. Soos met die vorige vergadering, vra die Here vir die Satan waar hy vandaan kom, en of hy vir Job teëgekom het op sy omswerwinge? Dan voeg die Here by dat Job sonder rede geruïneer is. Dit is tóg interessant dat die Here die verantwoordelikheid vir Job se ongeluk op Homself neem. Hy het immers toestemming

gegee daarvoor. Die Here beklemtoon ook die feit dat Job ten spyte van die vurige aanslae op hom, steeds staande gebly en sy vroomheid behou het.

Die Satan is beslis nie gelukkig oor die situasie nie, want hy besef maar ál te goed dat hy gefaal het in sy aanslag op Job. Maar hy gee nie op nie: “Dit bewys nog niks!” tier hy. Job het mos nie die dinge aan sy lyf gevoel nie? Kyk, as sy lewe darem bedreig word, sal Job beslis vou. Daar is verséker 'n perk op enige mens se lojaliteit aan God. “Raak aan sy liggaam en kyk of hy U nie in die gesig sal vervloek nie!”

Die Satan is desperaat om hierdie geveg te wen. Job het by hom 'n obsessie geraak, want die man wil maar net nie swig voor sy aanslae nie. Hy is 'n slegte verloorder! Hy sal bewys dat hy kan wen, al neem dit nou ook wát!

Vir 'n tweede keer gee die Here vir Satan sy sin. Daar is egter 'n perk wat die aanklaer nie mag oorskry nie. Job is in sy hande, maar hy

mag nie Job se lewe neem nie.

Die Satan is in ekstase, en hy tref die arme Job met pynlike swere wat sy hele liggaam bedek. “Nou sal Job beslis swig!” hoonlag hy.

Wanneer ons die verhaal lees, dan wil ons God bevraagteken: “Hoe kon die Here dit toelaat dat die Satan vir Job so verniel?” Dalk wil ons oor ons eie lot vra: “Hoe kan die Here dit toelaat dat sulke ellende my tref? Ek het dan so hard probeer om reg te lewe. Ek leef my liefde prakties uit op alle terreine, net soos Jesus gesê het. Tóg tref die ongeluk my steeds! Het die Here my nie meer lief nie?”

Beproewings is daar in enige gelowige se lewe om verskeie redes. Gewoonlik is hulle daar om jou sterker te laat staan in jou geloof. 'n Atleet kom nêrens sonder swaarkry, uitmergelende oefening en dikwels baie pyn nie. Op dieselfde wyse is dit ook hierdie dinge wat 'n gelowige laat groei in sy geloofspad. Dikwels is dit juis ook pynlike ervaringe wat jou leer hoe om andere te help wat soortgelyke pyn beleef. Die feit is egter

ook dat die Here nie 'n beproewing oor jou lewe sal toelaat wat bokant jou vermoë is nie.

Job was nooit bo sy vermoë beproef nie. God het geweet presies hoeveel hy kon verduur. Die Satan se aanslae was uiteindelik vir Job 'n louteringsproses wat hom nader aan God gebring het.

Gebed:

Here, dankie dat U my waardig ag om deur die smeltkroes te mag gaan.

## Op die Ashoop
## Job 2:7-13

Die Satan lag diep uit sy maag wanneer hy vir Job op 'n uiters gevoelige manier tref met pynlike swere wat sy liggaam van kop tot tone bedek. Vandag sou ons dalk kon sê dat dit baie erger kon wees. Hy kon kanker gekry het of 'n beroerte of iets dergeliks. Maar in Job se tyd was sulke swere seker die ergste ramp wat 'n man kon tref. Enige velinfeksie is beskou as melaatsheid, en dit het gemaak dat jy uit die samelewing verban is.

Dit is daarom dat ons hierdie eens-skatryk man wat in weelde geleef het nou op die stad se vullishoop aantref. Hy moes uit sy luukse woning vlug na die stinkende vuil ashoop. Eens het hy die ereposisie gehad om in die stadspoort te kon sit waar die ganse omgewing met hom kon gesels. Hoeveel hofsake het hy nie daar behartig nie, en hoeveel keer het hy nie daar in die bres getree vir mense wat deur iemand benadeel

is nie. Nou sit hy in afsondering op die ashoop, en niemand waag dit naby hom nie. Daar tref ons hom nou aan waar hy besig is om sy sere te krap met 'n stuk potskerf. Die pyn verteer hom en die gejeuk dryf hom tot waansin.

Dan kom die enigste een van sy familie wat oorleef het na hom toe, sy vrou, en sy kom praat hom "moed" in: "Bly jy steeds vroom?" snou sy hom toe. "Vervloek God en sterf!"

Sulke raad het Job beslis nie nodig gehad nie. Draai sy geliefde nou óók haar rug op hom? "Jy praat nou soos 'n vroumens sonder verstand," vermaan hy haar. "As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?"

Selfs na hierdie verskriklike terugslag wat hom so pynlik hard tref, volhard Job steeds onwrikbaar, onbeweeglik in sy vroomheid. Steeds sit hy nie 'n voet verkeerd nie, en hy slaag die tweede toets loshande. Baie jare later gebruik Jakobus vir Job as voorbeeld van volharding vir sy gemeente (Jak. 5:11).

Job het die tweede toets geslaag. Die vraag is of hy staande gaan bly wanneer die druk groter begin raak? Sal hy nie uiteindelik ook maar vir God bevraagteken nie.

Dit bring ons by die vraag of Job se reaksie die enigste toelaatbare reaksie is wat ek en jy mag hê wanneer ons die dag onverdiend ly? Moet ons alles maar net gedweë aanvaar? Mag ons dus nooit waarom-vrae vra nie? Mag ons nooit opstandig raak wanneer ons getreiter word sonder dat ons iets verkeerd gedoen het nie?

Kom ons laat Job maar sélf vir ons daardie lastige vrae antwoord. Wanneer Job se (naamlose) vrou omdraai en van hom af wegstap, dan dink ons dat dit darem nou die einde moet wees van die arme man se bittere lyding. Maar dan het ons nog nie rekening gehou met "goeie vriende", en hoe wonderlik hulle jou soms kan "opbeur" nie. Job het sulke vriende gehad wat deur dik en dun by hom gestaan het, selfs deur sy grootste ellende. Die drie manne: Elifas,

Bildad en Sofar het besluit om hulle ou vriend te kom troos.

In Us aangekom, verneem hulle by sy weelderige woning waar hulle die gerespekteerde Job kan vind. Met 'n snork beduie Mevrou Job in die rigting van die vullishoop. Groot is die manne se skok as hulle die verslae figuur op die ashoop herken, sy gesig byna onherkenbaar vermink deur die swere. Hulle bars in trane uit oor hulle vriend se walglike toestand. In meegevoel met hom skeur hulle hulle klere en gooi stof in die lug op.

Dan gaan sit die drie manne met lang gesigte in 'n kringetjie rondom Job. Hulle kan nie glo dat dit dieselfde man kan wees wat hulle al vir soveel jare ken nie. Hulle gooi grond op hulle hoofde en sit in doodse stilte by hom uit respek vir sy ongeluk. Vir sewe volle dae en nagte sit hulle net daar in stilte en staar na Job.

En so troos hulle vir Job........

Inderdaad is hierdie drie vriende baie ernstig

oor hulle taak om Job te troos. Die intensiteit van hulle empatie sien ons in die manier waarop hulle vir sewe dae lank in doodse stilte sit en net luister na hom. 'n Simpatieke oor is goud werd vir enigeen wat deur droefheid verskeur is. So 'n persoon wil nie mooi woordjies hoor nie. Hy wil net iemand hê wat bereid is om te luister na hoe hy voel, sonder dat die vriend kommentaar daarop lewer.

En Job se drie vriende slaag wonderlik in hulle doel. Maar........

Dan moet Job op 'n mooi dag uitvind dat hierdie vriende, hoe dierbaar hulle ookal mag wees, se vriendskap net veldiep is. Hulle raak moeg vir sit en luister, en dan ontaard hulle in egte Jobstroosters wat met baie raad vir Job wil oortuig hoe verkeerd hy nou eintlik is, en dat hierdie ellende waarin hy beland het net sy eie skuld is. Job word tot in sy fondasies geskud. Maar hieroor praat ons 'n bietjie later.

Dit is bitter moeilik om 'n goeie luisteraar te

wees sonder om die treurende persoon met "goeie raad" op te beur. Ek het self tot my bittere spyt al dikwels in die strik getrap om so 'n persoon te probeer bedien met my "goeie raad". Kom ons sit vandag 'n wag voor die mond en luister opreg wanneer iemand 'n oor nodig het.

Gebed:

Here, help my asseblief om opreg te luister sonder om net te wil raad gee.

## Job se Donker Gedig

## Job 3:1-26

Van die mooiste gedigte is geskryf wanneer die digter die grootste pyn beleef. Neem byvoorbeeld Eugène Marais se Winternag: *O koud is die windjie en skraal. En blink in die doflig en kaal*...... Of Totius se aangrypende gedig: *O die pyn-gedagte: My kind is dood!..... dit brand soos 'n pyl in my*. Die Godsbesluit van Totius is ewe aangrypend: *Voor die onheilswonings en tussen die skaars-beblaarde soetdorings staan, in droë aarde maar lowergroen en blink van blad, die wag-'n-bietjie langs die pad*.

Job is géén uitsondering nie, en wanneer hy in die diepste put van sy smarte is, word 'n aangrypende gedig gebore. Skielik sien ons nou 'n sy van Job wat ons tot dusver nog gladnie gesien het nie. Ons sien dat daardie foutlose figuur wat hom deur absoluut niks laat onderkry nie, ook 'n donker sy het, 'n pikgietswartnagdonker sy! 'n Rou eerlikheid skeur hartverskeurend deur murg en been

wanneer Job sy smarte uitsnik.

Luister net na die mooi klanke van die gedig wat jou aan die hart gryp en jou saam met Job wil laat huil: "*Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom. Daardie dag moes net donkerte gewees het; God daarbo moes dit nie eens raakgesien het nie; geen lig moes dié dag deurgebreek het nie. Donkerte en duisternis moes dit opgeëis het, wolke moes daaroor toegetrek het, sonsverduistering moes dit oorval het. Die donkerte moes daardie nag ingesluk het, dit moes nooit ingereken gewees het by die dae van die jaar nie, dit moes nooit bygevoeg gewees het by die berekening van die maande nie.*"

In vers 9 hef Job sy oë hemelwaarts: "*Die môrester moes verduister gewees het, hy moes tevergeefs gewag het op die lig en nooit die dag sien breek het nie, want hy het nie gekeer dat ek gebore word nie, my hierdie smart nie gespaar nie*."

In vers 24 kreun Job: "*Ek kan nie eet van die pyn nie, ek kan nie ophou kreun nie. Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref. Ek het geen rus en geen vrede nie, geen verposing nie, net angs.*"

Dalk het Job baie goeie rede gehad om so 'n morbiede gedig, of dalk eerder 'n klaaglied, oor sy lippe te laat kom, want as ons mooi dink, dan het die lewe hom 'n baie swaar slag toegedien. Al die besittings wat hy verloor het, kon nog gaan. Maar toe al vyftien sy kinders op een dag sterf, moes dit vir Job hartverskeurend gewees het.

Toe Totius dit uitgesnik het: "*O die pyn-gedagte: My kind is dood!*" was dit iets wat deur die Godsman se liggaam geruk het. Toe Dawid se rebelse seun Absalom in die geveg dood is nadat hy sy eie pa probeer uitroei het, het Dawid net aanmekaar gesnik: "*Absalom, my seun, Absalom.*" Sy droefheid was onmeetbaar groot.

Job verloor egter nie 'n kind nie, maar vyftien

kinders! Hoe groot moes sy droefheid nie wees nie? En nou draai selfs sy vrou haar rug op hom!

Job is in die diepste put van rou stukkendheid. Hy beskryf dit as die verstikkendste duisternis wat oor sy siel toegesak het. Dit was soos 'n digte, pikswart kombers wat oor sy kop getrek was, en hy kon niks sien nie buiten donker. Hy wou nie meer lewe nie. Job het sy geboortedag vervloek. Hy het gewens dat hy nooit gebore was nie – dat sy geboorte dan eerder 'n miskraam moes wees.

Hoe verskriklik!

En dan vra hy die bitter vraag: Waarom het God dit toegelaat? Nee, hy vra nie waarom God hierdie dinge met hom laat gebeur het nie. Hy vra nie waarom sy kinders dood is nie – daardie dinge aanvaar hy: "*God het gegee, en God het geneem.*" (Job 1:21). Hy vra egter waarom God hom die lewe gegee het. Hy sou liewer nooit wou lewe nie, want hierdie dinge is te swaar vir hom om te dra.

Hoe ervaar ek en jy 'n swaar verlies? Hierdie hartverskeurende gedig is eintlik opgedra aan elkeen wat 'n kind verloor het. Ek het 'n paar dierbare vriende wat hierdeur gegaan het, en elke keer het ek die pyn gesien waardeur hulle gaan. Ek het saam met hulle die onmeetlike pyn meegemaak. Ek moes toekyk hoedat daardie pyn oor jare telkens weer opgeroep word op spesiale dae. Dan het hulle van vooraf weer seer, en ek staan magteloos om te troos, want ek het nie woorde nie. Dalk ook beter so, want dit is nie woorde wat hulle soek nie, maar 'n simpatieke oor om te luister.

Ja, en ons mag ook maar die vrae vra: “Waarom? Waarom my kind en nie liewer ek nie?” Maar ons kan leer by Job oor die soort vrae wat ons vra. Job bevraagteken nie die Here se wysheid nie of Sy liefde en genade nie. Hy bevraagteken nie waarom God dit toegelaat het nie, want Job het aanvaar dat God alwetend is, en dat Hy die dinge met 'n doel groter as wat Job kan begryp, oor sy

pad gebring het.

Ja, ons mag maar vra: “Waarom, waarom, waarom?” Maar terselfdertyd moet ons besef dat God 'n groot raadsplan het wat te groot is vir ons menslike verstand om te begryp.

Gebed:

Here, ek wil vanoggend elkeen wat 'n kind verloor het aan U opdra vir vertroosting.

## Elifas se Troos

## Job 4:1-5:27

Elifas, een van Job se goeie vriende, kry die eerste sy tong terug, en na sewe dae van stilswye breek hy die stilte omdat hy nie langer kan stilbly nie. Hy is 'n goeie spreker en 'n uiterste diplomaat. Daarom begin hy deur vir Job daarop te wys dat hy mos 'n goeie man is en dat hy sélf mos al baie mense wat op moedverloor se vlakte gesit het, reggehelp het en moed ingepraat het. En nou, noudat hy sélf deur 'n ramp getref is, nou is hy platgeslaan en verslae. Hoe rym dit dan? Hy behoort mos te weet van al die dinge! Hou sy vroom lewe wat hy al die jare gehandhaaf het dan vir hom géén hoop nie?

En dan Elifas se beskuldiging: “Gaan iemand ooit onskuldig te gronde?” Baie subtiel wil hy vir Job sê dat hy mooi moet gaan dink, want wat jy saai sal jy maai – dis so eenvoudig soos dit! Dalk was Job gladnie so onskuldig soos wat hy wil voorgee nie. God sal mos nie 'n onskuldige straf nie?

 Terug na INHOUD

Boonop reken Elifas dat selfs die vroomstes soms skuld het. Hy haal 'n voorbeeld aan uit die natuur: selfs die magtige leeu kom soms tot 'n val wanneer sy tande breek. Dan gaan die koning van die diere ook maar dood! Hiermee insinueer Elifas dat Job nie moet dink dat omdat hy so hoogheilig is, dat hy gaan vrykom van God se oordeel nie!

Dan vertel Elifas van 'n openbaring wat hy gehad het, 'n visioen. Daar het 'n skrikwekkende "gedaante" voor hom kom staan, en die hemelwese het vir hom gesê dat géén mens ooit onskuldig voor God kan wees nie. Hy sê dat selfs die engele nie sonder hulle foute is nie, wat staan dan nog die gewone sterflike mense?

Elifas is steeds die diplomaat by uitstek, want nêrens het hy nog direk die vinger na Job gewys nie. Hy het net gedagtes gelaat wat Job moet laat dink oor homself. Alle mense is skuldig voor God, en dit sluit vir Job in! Wanneer swaarkry en ellende jou tref, dan moet jy maar gaan dink waar jy geval het,

want dit kom nie sonder rede nie.

Dan haal Elifas die groot kanonne uit: 'n Dwaas se dade haal hom altyd in. Iewers sal 'n ramp hom tref, en dan sal niemand vir hom omgee nie. Wat die dwaas saai sal hy beslis maai! En wanneer hy die dag ten gronde gaan, sal die armes hom nog verder beroof van sy besittings wat hy oorhet. Ellende tref mos nie iemand wat onskuldig is nie?

Wil hy hiermee vir Job die vinger wys? Inderdaad! Nét in die volgende versie kyk hy Job reguit in die oë: “As ek jy was sou ek my saak met God gaan regmaak!” vermaan Elifas vir Job.

Elifas het wél subtiel 'n paar dolksteke in Job se rigting gegee, maar steeds sien ons dat Job se vriendskap vir hom baie beteken, want in sy volgende relaas lees ons simpatie vir Job. Hy probeer vir Job opbeur deur te sê dat God immers genadig is en dat Hy vergewe. Hy sal nie die vertraptes (soos Job) laat lê om te vergaan nie – Hy sal hulle weer optel. Soos wat die Here die reën gee om die

verdorde aarde weer nuwe lewe te gee, so sal die Here ook diegene wat platgeslaan is weer optel en nuwe lewe gee.

Maar dan swaai Elifas weer die wysvinger as hy vir Job daaraan herinner dat God die slimmes met hulle eie slinkse planne vang. Hulle sal tot niet gaan! Hulle sal helder oordag oorval word.

Is dit nie maar wat met Job gebeur het nie? Wil Elifas dalk vir Job hiermee sê dat hy eintlik een van daardie "slimmes" is wat in sy eie slinkse plan gevang is? Waarom sou God hom anders so swaar getref het?

Dan troos en bemoedig Elifas weer: "Job, dit gaan goed met die mens wat deur God tereggewys word. Jy moenie God se bestraffing verontagsaam nie!" Kastyding is 'n opvoedingsmiddel. Dit moet jou dwing tot 'n belydenis sodat die Here jou kan beloon met vergifnis en seën.

Met groot omvang van woorde besing Elifas die Here se seën om vir Job hoop te gee. Hy beskryf hoe wonderlik God se seën vir 'n

mens kan wees, dat hy 'n groot nageslag kan hê en dat hy baie oud sal word.

Maar subtiel wil Elifas met dit alles vir Job dwing om sy skuld te bely oor dade wat hy nooit gepleeg het nie. Sou Job toegee aan Elifas se voorstel, dan sou hy in werklikheid 'n valse verklaring aflê!

Wat Elifas vir Job sê, is vandag ook vir baie gelowiges deel van die lewe: Doen goed, en jy word beloon. Doen kwaad en jy word gestraf! Dit is egter nie die volle waarheid nie, want al doen jy ook hóé goed, en al is jou geloof ook hóé sterk, sal dit steeds nie keer dat die ongeluk jou soms tref nie. En selfs die slegste ouers se kinders styg soms uit bo al die ander.

Die sogenaamde voorspoedsteologie is net eenvoudig nie Bybels nie! Soms tref rampe ons júís omdat ons naby aan God leef, en dat Hy ons daardeur wil louter om nóg nader aan Hom te kan leef. En meer as dikwels is dit juis die Goddeloses wat die héél boonste sport in die lewe bereik. Ons moet elke dag

baie duidelik besef dat alles, álles slegs genade is, en dat ons dankbaar moet wees vir selfs die swaarkry in die lewe.

Gebed,

Here, ek loof U vir alles wat in my lewe gebeur. Dra my asseblief deur die swaarkry en help my om ook dán staande te bly.

## Ware Vriendskap

## Job 6:1-30

Soos Genis diep beswaard was, so is Job ook beswaard. Maar anders as Genis, het Job wáárlik rede om beswaard te voel. Hy het bittere ellende ervaar. Dit voel vir hom asof die ellende swaarder weeg as al die sand van die see. Dit voel asof hy met gifpyle getref is. Dit voel asof die verskriklike toorn van die Almagtige God op hom uitgegiet is. En Job bekla sy lot......

Job wil die feit dat hy kla regverdig, en dan vra hy vier retoriese vrae, soos: Balk 'n donkie as hy by gras kom? Bulk 'n bees by sy voer? Met ander woorde, diere kla nie onnodig nie. Hy kla beslis nie sonder baie goeie rede nie!

Só groot is Job se ellende dat hy smag na die dood. Elifas het gedink dat hy vir Job nuwe hoop sou gee met sy relaas, maar dit het Job nog net verder in die donker put laat insak. Normaalweg is enige mens se begeerte om te kan lewe. Job se enigste

begeerte is om net te sterf.

Dit laat jou dink aan die nuusberigte die afgelope tyd, van mense wat die genadedood gewettig wil kry. Daar is inderdaad mense wat met soveel ondraaglike pyn leef dat hulle eerder die dood koester en verlang om te mag sterf, en só die ellendes vir altyd uit te wis.

Maar dan moet ons wel deeglik besef dat dit slegs God is wat lewe kan gee, en dus is dit ook slegs Hy wat ons die dood mág gee – selfmoord of selfdood is net eenvoudig nie 'n opsie nie! Job oorweeg ook nie eers om sy eie lewe te neem nie, maar hy pleit by God om sy lewensdraadjie te knip.

"*Het ek nog die krag om dit uit te hou? Kan ek nog geduldig op my einde wag? Is ek dan so sterk soos klip, is ek van brons gemaak?*" So soebat Job desperaat om die dood te kry. Maar dan moet hy maar net weer besef: "*Self is ek tot niks in staat nie.*" Hy sug moedverlore: *"Ek weet nie meer raad nie.*" (Job 6:11-13).

Job kyk ook nou met ander oë na sy “goeie” vriende. In sy dag van nood het hy 'n ander sy van hulle gesien wat hy nooit voorheen gesien het toe dit goed gegaan het met hom nie. Nou wys hulle ware kleure eers, en nou herken Job hulle as wolwe in skaapsklere!

Job het baie gou agtergekom dat hierdie medelye van hulle nie vir sy vriende iets is wat vanselfsprekend gekom het nie, maar dat dit 'n las is vir hulle. As jy nie iets doen uit dankbaarheid teenoor God nie, dan het jy eintlik jou eerbied vir God die Almagtige verwerp - so reken Job. Wanneer ek iemand wat in nood is, bystaan dan moet ek dit met vreugde doen uit suiwer liefde. As dit vir my 'n las is, dan moet ek dit liewer uitlos, want dan is dit betekenisloos. Ek moenie iemand probeer help met die verkeerde motiewe nie. Moenie iets terug verwag nie – moenie verwag om beloon te word as jy iets vir iemand doen nie. Soms is die loon wat jy kry vir so 'n liefdesdaad ondankbaarheid. Maar selfs dit moet jy gelate aanvaar want iemand

in 'n krisis dink gewoonlik nie rasioneel nie.

Job kom tot die besef dat sy vriende so onbetroubaar is soos die droë spruite van die Palestynse woestyn. Na 'n bui reën loop die spruit sterk vir 'n paar dae, maar dan droog dit weer skielik op, en as jy miskien daar water sou verwag, dan is daar net stof en klippe!

Job praat baie hard met sy mooiweersvriende: Het hy al ooit hoed in die hand voor hulle kom staan? Het hy óóit van hulle hulp gevra, selfs wanneer hy in nood was? Wat het hy verkeerd gedoen om hulle gedrag teenoor hom te verdien?

Job sê sy vriende is soos skuldeisers wat weeskinders uitloot. In daardie tyd het dit dikwels gebeur dat 'n man wat bankrot gegaan het wreed behandel is deur sy skuldeisers. Sonder inagneming van sy gevoelens is sy eiendom en selfs sy kinders onder mekaar uitgeloot. Hulle kon selfs so ver gaan om hóm soos 'n weeskind te behandel en hom as 'n slaaf te verkoop. Job

se vriende is soos skuldeisers wat besig is om hom as 'n slaaf te verkwansel.

Harde woorde! Maar dan pleit Job by hulle om asseblieftog weer te besin. Hy skryf hulle nie af nie. Hy vra dat hulle weer 'n slag mooi moet gaan dink en die onreg wat hulle besig is om aan hom te doen, regmaak. Hy verseker hulle dat hy niks verkeerd gedoen het wat God se toorn op hom moes laat neerkom nie. Die ramp wat hom getref het is nie God se straf oor sy sonde nie. Hulle moet hom asseblief aanvaar soos wat hy is.

Toe 'n ramp my 'n paar jaar gelede tref en ons besigheid bankrot gaan, het ek vir die eerste keer besef hoeveel wonderlike vriende ek het. Terwyl skuldeisers op my geskel en geskree het, het nie 'n enkele een van my vriende my beskuldig of die vinger na my gewys nie. Talle mense het my bygestaan en gedra deur die moeilike tyd. Sommige het my geestelik op die hande gedra terwyl ander weer op materiële vlak vir my en Mosbolletjie deur die drif getrek het. Ek is elkeen van

hulle vir ewig dankbaar. Vir die eerste keer het ek besef wat ware vriendskap beteken, en dit het my geloof oneindig versterk.

Die vraag wat elkeen van ons vandag moet vra, is hoe my vriendskap werklik lyk?

Gebed:

Here, dankie vir wonderlike vriende. Help my om ook so 'n vriend te kan wees.

## Job Verwyt God

## Job 7

In hoofstuk 1 sien ons 'n Job wat die dinge wat met hom gebeur het maar gelate aanvaar: "*Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here!*" Nou, in hoofstuk 7 begin 'n ander Job deurskemer. Nou begin hy hard met die Here praat. Hy begin deur sy lot teenoor die Here te bekla. Dinge het nou te erg vir hom geword. Hy voel soos 'n slaaf wat smag na 'n stukkie koelte of 'n dagloner wat uitsien na sy betaling. Maar vir Job is die koelte en betaaltyd nie eers daar nie. Dae en nagte sleep traag verby sonder dat daar hoop is. Snags rol hy rond – kan hy nie slaap nie. En dan is daar die verskriklike swere wat sy lewe suiwer hel maak. Sy lyding is eindeloos. Job sien hoedat sy lewenssap stadig uitloop. Sy lewe is besig om tot 'n einde te kom.

Dan besluit Job dat hy nie verder kan stilbly nie. Hy verwyt God vir sy ellende en dat Hy hom so bly treiter. Hier kom 'n naakte

eerlikheid na vore, want Job vertel vir God presies hoe hy voel. Hy sê dat hy selfs te bang is om te gaan slaap want "*U verskrik my in my drome en U oorval my met nagmerries. Ek sou eerder verwurg en dood wees as om te lewe!*" (Job 7:13-15). "*Ek wil nie meer nie!*" kerm hy. Hy stort al die bitterheid in sy binneste teenoor God uit.

Vir hom voel dit kompleet asof hy as God se vyand beskou word – die see en die seemonster, die dinge wat die oer-chaoskragte versinnebeeld (v.12). Hulle is presies die teenpool van God en kan nie met die Heilige geassosieer word nie.

In vers 17 kom Job na vore met 'n stukkie sarkasme: "*Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom op die hart dra, dat U hom van dag tot dag toets?*" Hy haal die pragtige Psalm 8:5-6 aan, maar eintlik bedoel hy dit sarkasties, want eintlik bedoel hy dat God hom laat ly! "*Wil U nie asseblief 'n bietjie van my af wegkyk sodat ek 'n bietjie kan asem skep nie?*" vra hy hard vir God (v. 19).

God se liefdevolle oog word vir Job 'n glurende oog wat hom elke oomblik dophou om te sien of hy nie dalk iets verkeerd doen nie. Hy voel selfs dat die Here op hom pik. Is ons nie maar almal daaraan skuldig dat ons soms ons kinders bangmaak nie: "*Die Here sien alles wat jy doen, en Hy gaan jou straf!*"

Job sluit hierdie relaas af met die woorde: "*Waarom vergewe U dan nie my sonde en vergeet wat ek verkeerd gedoen het nie?*"Hierdie is so half teenstrydig met Job se vroeëre uitsprake waar hy homself verdedig het teen sy vriende en sy vrou. Toe het hy geglo dat hy niks gedoen het wat die straf van die Here sou ontlok het nie. Nou wil dit lyk asof hy tot ander insigte gekom het en dat die Here tóg besig is om hom te straf oor dinge wat hy verkeerd gedoen het. Nogtans vra hy nie mooi dat die Here hom asseblief sal vergewe nie, maar hy vra dit asof dit die plig van die Here sou wees om hom te vergewe.

Hier is 'n klomp vrae wat oor jou gemoed

spoel wanneer ons so luister na Job. Vir 'n begin wil ons eintlik vir hom sê: “*Job! Hoe kan jy? Ek het dan gedink dat jy alles aanvaar het? Hoe kan jy só met die Here praat?*”

Maar kan ons werklik vir Job blameer? Hoe sou ek en jy reageer het? Dalk sou ons baie opgetree het! Die Here sou mos nie hierdie verskriklike dinge oor Job gebring het nie? Tóg het ons in hoofstuk 2 gesien dat die Here die onus op Homself geneem het vir Job se ongeluk. Hy het die Satan toegelaat om dit oor Job te bring. Daarom kon Job dalk met reg gevra het: “*Hoe kón U dit toegelaat het, Here?*” Dalk kan ons dan ook sê dat ons maar vir die Here mag vra: “*Waarom het U hierdie dinge oor my laat kom?*” Maar ons moet dit steeds met respek vra en ook nie uit ongeloof nie maar met geloof.

'n Tweede vraag wat pertinent na vore kom is of God ons straf vir die sondes wat ons doen. Ja, en inderdaad doen gelowiges ook sonde. Rom. 3:23 sê dat almal gesondig het.

Jakobus 2:10 sê dat selfs as iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie. Selfs Paulus kreun dit uit dat hy baie hard probeer om die goeie te doen, maar dat hy al te dikwels struikel en eerder die slegte doen.

Met dit in gedagte, sal dit dan net logies wees dat ons gelowiges gedurig onder God se toorn en straf gebuk sal gaan. Ons weet egter dat dit nie gebeur nie. God se liefde en genade is baie groter as Sy toorn. Jesus het in 'n hele paar uitsprake dit duidelik gemaak dat mense nie ontberings beleef omdat God hulle straf nie. Dit gebeur egter om 'n verskeidenheid redes, soos byvoorbeeld dat God daardeur verheerlik kan word of dat so 'n persoon daardeur gelouter word. Dit kan ook gebeur dat jy daardeur nader aan God getrek kan word.

Job vra in vers 21 waarom God hom dan nie maar kan vergewe nie. Dankie tóg dat ek as gelowige dit vandag nie meer hoef te pleit nie, want die Here het alreeds my sonde

vergewe die dag toe ek “ja” gesê het op Sy uitnodiging om Sy kind te wees. Vandag bid ons: “Vergewe ons sondes....” met die wete dat God ons alreeds volle vergifnis gegee het in Jesus. Dit beteken natuurlik nie dat ek nou maar kan lewe soos ek wil en sondig soos ek wil nie. 'n Lewe in Jesus beteken juis dat ek uit dankbaarheid my bes gaan probeer om weg te bly van die sonde en te leef soos Hy dit wil hê.

Gebed:

Dankie Here dat U my nie straf oor my sonde nie.

## Bildad

## Job 8

Bildad, Job se tweede vriend is nou aan die woord: "Hoe lank gaan jy nog so praat? Jy woed voort soos 'n orkaan!" Bildad is 'n starre tradisionalis. Hy glo onwrikbaar dat God straf wanneer mense verkeerd doen en beloon wanneer hulle volkome volgens die wet leef. Job se vyftien kinders het nou maar eenmaal gesondig, en God het hulle gestraf! God is mos regverdig en Hy sal nooit die reg verdraai nie. Hulle het net gekry wat hulle verdien het!

Dink net, as jou kind in 'n ongeluk sou sterf, en iemand kom sê vir jou: "Moenie wôrrie nie, jou kind het maar net gekry wat hy verdien het. God het hom gestraf omdat hy sonde gedoen het!" Ek dink ek sou van my kop afgaan met so 'n verskriklike gedagte!

Bildad gaan voort en hy gee vir Job goeie raad: al wat hy moet doen is om die Almagtige om genade te smeek, en dan vlekkeloos te leef. Dan sal die Here weer vir

hom sorg en hom gesond laat huistoe gaan. Boonop sal die Here hom dan weer al sy rykdom terug gee en nog baie meer daarvan as wat hy voorheen gehad het. Wat Bildad sê, is dat God straf wat verkeerd is en Hy beloon goeie dade. As Job vlekkeloos leef, sal hy ryklik beloon word. God werk mos altyd so! Daarvan is Bildad vas oortuig.

In die eerste plek wil ek weet hoe énige mens werklik vlekkeloos kan leef. In gister se dagstukkie het ons gesien dat dit gans onmoontlik is. Inderdaad het ons die wonderlike voorreg om die Heilige Gees te hê. Hy gee ons die krag om staande te kan bly en om die sonde te oorwin. Ek moet egter steeds die Heilige Gees toelaat om my lewe te rig en my ten volle te vul. En dikwels kom die ou mens weer na vore, en trap ek oor die tou.

As dit dus daarvan sou afhang of ek vlekkeloos lewe vir die voorspoed wat ek beleef, dan sal géén gelowige óóit enige voorspoed hê nie. En as dit so sou wees dat

God altyd 'n goeie lewe met voorspoed beloon, dan het ek ook ernstige vrae daaroor. Neem byvoorbeeld net die lewe van Paulus. Het hy nie gelewe as 'n voorbeeld vir alle gelowiges nie? En kyk maar hoeveel teëspoed en swaarkry en vervolging het hy nie in dubbele dosisse gehad nie!

Wat baat dit dan om heilig te wil lewe, as dit net swaarkry bring? Dit maak nie sin nie? Inderdaad is daar 'n ander soort "voorspoed" wat onmeetbaar is. In die eerste plek is daar die wonderlike vrede en blydskap wat ons kan beleef, want hoe nader ek aan God leef, hoe meer intens raak my vrede en blydskap. Wanneer ek die dag die swaarkry aanvaar as deel van God se groot raadsplan, dan is dit asof 'n reuse las van my skouers afval. Die tweede soort "voorspoed" is die belofte van die ewige lewe saam met Jesus. Hierdie voorspoed kan selfs die dood nie van jou wegneem nie, want die dood is dan juis die deur na die ewige lewe.

Inderdaad kan ons tóg agslaan op sommige

van die dinge wat Bildad vir Job gesê het. Ek dink nie dat Bildad besef het hoe profeties sy woorde was nie, want hy het gesê dat Job se voorspoed baie groter sou wees as wat hy ooit geken het. En inderdaad het God hom uiteindelik so mildelik geseën met uitermatige rykdom en baie kinders.

Maar in sy betoog het hy ook gesê dat daar geen hoop is vir die godlose nie. "Hy is soos 'n welige plant in die son: hy rank oral oor die tuin, hy vleg sy wortels om die klippe, en klou vas aan die klipmuur. Maar as iemand hom uitroei, is daar niks van hom oor nie." Hoe verskriklik moet dit nie wees nie om sonder die geloof in Jesus te leef. Vir so 'n persoon is daar géén hoop nie. Inderdaad is dit dikwels die geval dat hy, soos Bildad dit beskryf, soos 'n welige rankplant is. Ons sien hoedat hulle stinkryk word en uitspattig lewe, dikwels ten koste van arm mense. Soms is ons as gelowiges jaloers op hulle, want ons probeer so hard om reg te lewe, maar ons bly sukkel. Die feit is egter dat al leef hy in

weelde, is sy einde sonder die wonderlike belofte van die ewige lewe. Op hom wag die ewige verskrikking!

Tóg is daar hoop vir die godlose, want Jesus staan ook by sy deur en klop. Al wat die Here van hom vra is om vir Hom oop te maak. "God verwerp nooit die opregte nie," sluit Bildad sy betoog af. En inderdaad sal die Here selfs die grootste sondaar met ope arms ontvang wanneer hy in opregtheid sy hart aan Hom toevertrou.

Die vraag is dan vanoggend of ons daardie godlose moet verafsku en verdoem? Die antwoord is baie eenvoudig: In Johannes 3:16 staan daar nie dat God die gelowiges so liefhet dat Hy vir Jesus gestuur het nie, maar dat Hy die wêreld só liefgehad het. Natuurlik sluit hierdie wêreld ook die ongelowiges in, want hulle is almal potensiële kinders van God. Ek en jy was immers ook eenmaal deel van daardie wêreld!

Die antwoord is dus dat, as God hulle nie verwerp nie, mag ons hulle ook nie verwerp

of verdoem nie. Ons moet egter daarna streef om die boodskap van God se verlossing by elkeen van hulle tuis te bring, nie alleen deur dit mondelings aan hulle te verkondig nie, maar veral om dit uit te straal deur ons lewe, ons liefde en ons blydskap.

Gebed:

Here, ek dank U dat U my hoop gegee het. Ek wil asseblief daardie hoop uitstraal sodat elke godlose sal honger word vir dieselfde hoop.

# Job is Moedeloos

## Job 9

Vriend Elifas het dit baie duidelik vir Job gesê dat niemand voor God onskuldig is nie (Job 4:17). Bildad, sy ander vriend het weer gesê dat God nooit die reg sal verdraai nie (Job 8:3). Dit noop Job om te sug: “*Wie kan dan sy saak teen God wen?*” God is so vêr bo die mens verhewe, dat niemand ooit 'n vraag van God sal kan antwoord nie. Sy wysheid en krag is onmeetlik groot. Wie is die mens dan dat hy teen God sal kan opstaan?

Dit lyk vir Job na 'n hopelose situasie. Hy, arme nietige mensie teen die Almagtige God! Wanneer hy dus vir Bildad antwoord, rig hy sy gedagtes op die magtige dinge wat God doen, soos 'n aardbewing wat die aarde skud tot in sy fondamente, selfs berge verskuif. (Die Jordaanvallei was, volgens argeologiese opgrawings, baie vatbaar vir aardbewings.)

God is ook in volle beheer oor die hemelliggame. Hy kan maak dat die son nie skyn nie (sonsverduistering) of dat selfs die

sterre verdwyn (verberg deur 'n vulkaniese uitbarsting). Hy beheer die hemel deur dit elke dag soos 'n tent op te slaan. Hy beheer selfs die seemonsters en chaosmagte van die see!

Dan praat Job oor die sterrekonstellasies soos die Beer, Orion en die Sewester. Die Babiloniërs het geglo dat hierdie sterrebeelde gode was, of die gode se skrif teen die hemelkoepel. Job stel dit duidelik dat hulle deel is van God se handewerk. Hy het hulle geskep! "*Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder!*"

Job is moedeloos oor sy onmag teenoor God, maar hy hou steeds aan die Skepper van hierdie verruklike wondere vas. Selfs in jou donkerste uur kan jy diep ontroer word deur die skepping van God.

Staan ek en jy vandag nog steeds in asembenemende verwondering oor die skepping? Of is dit maar net vir ons sterrekundige werklikheid? Job het sekerlik nie besef hoe groot alles werklik is nie. Die

moderne wetenskap het vir ons die duiselingwekkende volle omvang van die heelal kom bekend maak. Die afstande, groottes en getalle van sterre en galaksies laat jou snak na jou asem. En dan begin jy besef hoe groot en almagtig die Skepper van dit alles moet wees!

Job voel magteloos in God se teenwoordigheid. God is onmeetlik sterk en soewerein en boonop onsigbaar. Wie kan Hom ooit konfronteer oor wat Hy mag en nie mag doen nie? Dit is iets wat Job wel dééglik besef. Hy kan en mag doen wat Hy wil!

Vandag wil ons ook dikwels God se werke bevraagteken. Wie is ek en jy om aan God te wil voorskryf wat Hy mag doen? Wie is ons om te wil sê dat God onregverdig is?

Job stel dit duidelik, dat God die Regter is, en dat ons slegs om genade voor Hom kan pleit. Hy sal beslis of ons reg of verkeerd is. Dikwels wil ons oordeel oor mense. Wie is ons nou eintlik om as regters te wil optree, as ons sélf nie altyd mooi weet of ons reg of

 Terug na INHOUD

verkeerd is nie? En as ons sélf dikwels ook nog skuldig staan? God is die enigste ware Regter! Laat die oordeel aan Hom oor!

Job glo egter steeds dat dit God is wat besig is om hom onverdiend te teister (vers 16-17). Hy kry nie eers kans om asem te skep nie; hy word gepynig; hy is deurdrenk met bitter lyding. Hy smag daarna om sy onskuld te bewys, maar terselfdertyd vrees hy vir God, in Wie se hande hy is. Hy kan die geskil oplos deur 'n stoeigeveg met God, of hy kan hom op die reg beroep. Maar in albei gevalle is God baie sterker as hy. Hy sal nooit kan wen nie. Hy voel magteloos!

Job skreeu dit uit: “Ek is onskuldig!” (v. 21). Maar dis 'n hopelose stryd. Alles voel vir hom so sinneloos, en hy wonder selfs of dit nog énige sin maak om te bly lewe.

Soms voel die lewe vir ons ook sinneloos, veral wanneer dit voel asof die reg nie meer aan jou kant is nie. Skuldige mense kom dikwels skotvry af deur die een of ander tegniese punt, terwyl onskuldige mense ly as

gevolg van ongeregtighede. En dan wil ons ook vra of daar nog enigsins 'n doel is vir ons regstelsel? Dit is dán wat ons soms die reg in eie hande wil neem.

Job wonder ook wat hy self kan doen om sy lot te verlig en sy ondraaglike lyding ligter te maak (v. 27). Hy wil weer vrolik wees, ophou kla en sy houding verander. Positiewe denke is moontlik 'n antwoord, maar uiteindelik is dit ook maar net 'n blufspul! Jy kan jouself maar net tot by 'n sekere punt flous! Jy maak jouself net moeg deur jou onskuld te probeer bewys. Selfs reinigingsrituele, om homself met seep te was totdat hy witter as sneeu is, sal sinneloos wees, want hy sal maar net weer in 'n modderpoel beland.

Iemand wat radeloos en magteloos voel, kan maar net een ding doen, en dit is om bitterlik te kla! En dit is presies wat Job doen. Hy kerm en weeklaag!

Ons lewe kan tog soveel anders wees, want vandag het ons die wonderlikste hoop in Jesus. Die Skrif belowe vir ons op talle

plekke dat ons maar net ons vertroue in Hom kan plaas. Hy is altyd met ons! Hy vertroos ons en Hy veroordeel ons nie.

Gebed:

Here Jesus, dankie dat ek nooit óóit moedeloos hoef te wees nie, want U is met my, elke oomblik van die dag.

# Gevorm in die Moederskoot

# Job 10

Job kla. Sy eie lewe walg hom; hy is vol bitterheid en daarom kla hy bitterlik teenoor God. Hy probeer om God te deurgrond, om te probeer verstaan wat die Here se motiewe is dat dit so ellendig met hom gaan, en hy vra 'n klomp retoriese vrae. Hy verwag nie antwoorde nie, maar steeds vra hy: “Waarom, waarom, waarom?”

Hy wil weet waarom die Here hierdie verskriklike stryd voer teen hom? Daar is tog nie voordeel vir God in om Job te laat swaarkry nie? Job is immers God se eie handewerk – waarom laat Hy hom swaarkry? En dan maak dit baie seer as hy moet toesien hoedat die goddeloses intussen floreer in hulle sukses-op-sukses! Hulle word werklikwaar deur God beloon! Dit is nie regverdig nie! Hoe moet 'n mens dit verstaan?

Vra ons nie ook maar dikwels dieselfde vrae nie? Ons kan nie die sin of rede sien in die

dinge wat God toelaat om te gebeur nie.

Job vra selfs vir die Here of Hy dan nou met menslike oë na hom kyk? Dit voel asof die Here gladnie meer in 'n Goddelike sin na Job omsien nie, maar eerder soos 'n mens dit sou doen.

Dit is so ironies, dat Job nou in werklikheid 'n redder nodig het om hom van God te red! Of ten minste, só voel Job!

Dan vra hy weer die vraag: God het hom dan gemaak, geskep. Gaan God dan nou Sy eie skepsel vernietig? Dit maak nie sin nie! "*Dink daaraan*," sê Job vir die Here, "*U het my soos klei gevorm. Gaan U my nou weer soos stof laat word?*" Die "*Dink daaraan*" is eintlik 'n pleitende gebed om die Here te vra om weer 'n slag te besin oor Sy handelinge teenoor Job. En dan herinner hy die Here daaraan hoedat God hom gevorm het in die moederskoot uit botter/melk (die manlike saad) tot kaas ('n embrio). Hy is kunstig met groot detail gevorm, aanmekaar geweef, met vel, vleis, bene en senings.

Uiteindelik gee God die grootste van al die wonderwerke: lewe! Hy blaas lewe in die embrio om dit 'n mens te maak, en dan versorg Hy hom met liefde. Hy waak met groot sorg oor hom.

Het jy al ooit gaan sit en besin oor die asemrowende wonder wat plaasvind, elke keer as 'n baba in die moederskoot gevorm word? Twee mikroskopiese klein selletjies wat mekaar vind in 'n reuse “saal.” Hulle begin groei tot 'n blob jellie, en dan stadigaan begin die wonderwerkie vorm aanneem. Uit die vormlose massa groei die mees komplekse wese wat nog óóit bestaan het, perfek tot in die kleinste detail. Is dit dan nie 'n asemrowende wonderwerk nie?

Die wetenskap wil dit graag in eenvoudige terme probeer verduidelik, as maar net 'n proses wat deur chromosome bepaal word. Hulle wil dit graag afmaak as iets wat natuurlik gebeur. Die feit is egter dat niemand dit kan namaak nie. Nie die slimste wetenskaplike is daartoe in staat om so 'n

proses aan die gang te sit nie. Selfs kloning vereis dat daar eers 'n lewende eiersel moet wees. Niemand kan die handewerk van God namaak nie. En al slaag hulle daarin om meganies 'n sel te bou, kan niemand óóit die misterieuse wonder van lewe daarin blaas nie.

Nou vra Job waarom die Here hierdie wonder wat Hy in Job gevorm het met Sy eie twee hande, dan nou minag? Wil God dan nou Sy eie skepsel vernietig?

Job lei uit dit alles af dat God reg van die begin af besluit het om hom gedurigdeur te vervolg. Hy sou géén sonde van Job oorsien nie. Hy sou Job as't ware teiken, en elke sondetjie straf met ellende. En selfs al is hy onskuldig, oorlaai die Here hom steeds met smaad! Hy voel kompleet soos die weerlose bokkie wat meedoënloos gejag word deur 'n honger leeu. Daar is géén ontsnapkans nie! Aanslag-op-aanslag tref hom, en daar is net géén einde aan die stroom getuies teen hom nie.

As 'n mens eers die dag só voel oor die Bron van jou lewe, dan is daar slegs een uitweg: die dood! En dan pleit Job weereens, soos ons gesien het in hoofstuk 3, dat hy asseblief liewer moet sterf. Hy smag na die dood om God se hand te ontsnap.

Maar dan het Job een laaste versoek voordat hy sterf, dat God hom tog maar net vir oulaas asseblief vir 'n rukkie alleen sal laat sodat hy kan rus voordat hy die laaste asem uitblaas. Hy soek net 'n ou klein bietjie vreugde, want daarvan het hy die afgelope tyd absoluut niks gehad nie.

Maar selfs Job se vooruitsig van die dood is nie wat jy sou verwag nie. Hy beskryf dit as "die stikdonker land" (v. 21) vanwaar niemand ooit weer terugkeer nie. Hy sien dit as 'n land van donker nag met diep duisternis waar niks georden is nie, en selfs die lig donker is (v. 22).

Hoe verskriklik verkeerd is Job nie hier nie! Die "anderkant" is júís die land van lig waar orde heers!

Job se smagting na die dood is eintlik 'n subtiele noodkreet tot God om hom uit sy ellende te red. Net so is 'n mens wat vandag 'n doodsverlange het eintlik besig om uit te skreeu: “Help my asseblief!”

Gebed:

Here, vanoggend moet ek opnuut besef dat U my volmaak geskep het. Ek loof U daarvoor!

## Sofar se Troos

## Job 11

Die derde vriend van Job, Sofar kry nou 'n beurt om te praat. En wanneer hy sy mond oopmaak, dan kom jy baie gou agter dat toe diplomasie die dag uitgedeel is, het Sofar héél laaste in die tou gestaan. Hy het as't ware aan die diplomatiese agterspeen gesuip!

Job sit in die diepste donker gat van depressie, en wat maak Sofar? Sommer met die intrapslag kom takel hy Job verder af met harde aanvalle. Hy beskuldig Job daarvan dat hy besig is om teen God te laster. Job se hartroerende versugtinge word as "praatjies" afgemaak, en Sofar wil weet of mense dan nou daaroor moet swyg? Hoe durf Job hom probeer regverdig met al die bog wat hy praat?

Hy beskuldig Job daarvan dat Job homself sien as 'n hoogheilige wat sonder enige skuld is, wat vlekkeloos en rein lewe in die oë van God. En dit terwyl Job in verwarring verkeer,

terwyl hy soekend is na die waarheid! Sofar slaan die bal skoon mis. Job het nêrens laat blyk dat hy sonder sonde is nie. Wat hy wél gesê het, is dat hy nie so 'n ernstige sonde gepleeg het wat God se verskriklike straf op hom sou regverdig nie. Sy lyding is buite verhouding met dÍt wat hy gedoen het.

Sofar doen wat vandag baie algemeen is, om 'n bespotting van jou teenstaander te maak deur hom in 'n belaglike lig te skilder. Kyk maar net hoe 'n bespotting maak die mense van mekaar in ons parlement, soveel so dat die speaker al by verskeie geleenthede die mense moes uitjaag. Sofar loods aanval-op-aanval teen Job, en skep 'n vals beeld van hierdie vroom man. Hy sê vir Job dat hy miskien dink dat God hom dalk gestraf het vir sondes wat hy nooit gedoen het nie, maar die feit is dat God nog nie eers náástenby ál sy sondes gestraf het nie! Met 'n “wonderlike” vriend soos Sofar het 'n mens nie vyande nodig nie!

“*Kan jy begryp wie God werklik is? Kan jy die*

*Almagtige verstaan?*" Vir die eerste keer kom daar 'n stukkie wysheid oor Sofar se lippe. Maar hiermee wil hy nie God se almag en alwysheid beskryf nie. Hy wil eintlik vir Job daarmee nog verder bykom. Hy wil vir Job sê dat hierdie Alwyse God tog nie 'n fout sal maak met Job nie! Sou Sy oordeel dan verkeerd wees? Nog nooit! Job is uit en uit 'n skynheilige dwaas as hy dink dat hy sonder sonde is! 'n Idioot kan net so min verstand kry as wat 'n wildedonkie as 'n mens gebore kan word! Met hierdie spreuk impliseer Sofar dat Job 'n idioot en 'n dwaas is as hy so wil redeneer.

Ek vra jou met trane in my oë: hoe kan jy iemand wat op die randjie van 'n ineenstorting is met sulke harde beskuldigings kom "opbeur"? Eintlik is Sofar die een wat 'n dwaas en 'n idioot is! Slegs 'n idioot sal iemand so opbeur.

Maar Sofar is nog nie klaar met sy goeie vriend nie. Hy wil hom nog verder "opbeur", soos wat hy dit tot dusver so professioneel

gedoen het. Al wat Job moet doen, is om sy hande in gebed tot God uit te steek. Hy moet sy sonde afsweer en 'n rein lewe leef en nie toelaat dat daar enige onreg in hom is nie. As hy dit doen, kan hy weer sy kop oplig sonder skaamte en angs vir God.

Nou wil ek eintlik vir Sofar skree: “Hellooooo, Sofar, is dit dan nie wat Job sy hele lewe lank al doen nie?” Reg aan die begin het ons gelees dat Job 'n vroom man was wat hom beywer het vir geregtigheid. Hy het uit sy pad gegaan om liefde uit te leef teenoor ander mense en God. Hoeveel meer moet jy doen? En nou kom beskuldig Sofar hom dat hy juis NIE hierdie dinge gedoen het nie!

Sofar deel Job mee dat as hy maar net hierdie dinge doen, dan sal sy swaarkry tot 'n einde kom, sal alles vergete wees asof dit met stormwater weggespoel is. Daar sal weer 'n oorvloed lig in sy lewe wees en al die verstikkende duister sal verdwyn. Job sal weer rustig kan word, want daar sal weer nuwe vooruitsigte in sy lewe wees. Hy sal

selfs weer vir hom 'n lêplek kan maak en rustig slaap – iets wat Job die afgelope tyd gladnie kon doen nie. As hy tog maar net sy sonde sal los, sal hy weer in die samelewing opgeneem kan word. Dan sal die mense weer soos van ouds sy raad kom opsoek daar in die stadspoorte. Hy sal weer die aansien hê wat hy al die jare gehad het. As hy maar net........

Sofar krap waar dit nie jeuk nie: hy gaan soek en "kry" sondes en skuld in Job se lewe waar dit gladnie bestaan nie. En dan moet Job boonop nog hierdie fiktiewe sondes bely! Sofar speel reg in die hand van die duiwel deur vir Job te wys op die voordele wat dit vir hom sou inhou om sy sondes te bely en God te dien. Hy mis totaal die punt, en help gladnie om Job se probleem op te los nie.

Ons moet baie duidelik verstaan dat ons nooit óóit in die strik mag trap om God te probeer dien sodat ons die een of ander voordeel daaruit sal trek. Ek het al soveel keer gehoor dat iemand sê dat jy jou tiende

vir God moet gee, dan sal Hy jou seën deur vir jou baie meer terug te gee. Dit mag nooit die rede wees vir die gee van jou tiende nie. Natúúrlik is dit die regte ding om te doen om jou tiende te gee, en as die Here jou seën wanneer jy dit doen moet jy dit sien as 'n “bonus”, suiwer genade!

Gebed:

Dankie Here, dat U my seën met soveel genade. Help my asseblief dat ek nooit iemand op die verkeerde pad sal help nie.

 **Terug na INHOUD**

# Job Tel Kop Op

## Job 12

“Werklik, julle is die enigste mense wat iets weet! Met julle sterf die wysheid uit!” Bytende sarkasme van Job. Selfs in sy diepste ellende sien hy nog kans vir 'n stukkie humor, want hier bedoel Job geheel en al nie wat hy sê nie. In Hebreeus is hier eintlik, volgens die Bybellennium 'n klankspel in hierdie woorde van Job wat sy sarkasme onderstreep.

In vers 3 sê Job vir sy vriende dat hy gladnie so dom is as wat hulle dink nie: “Ek het ook verstand net soos julle …. wie weet nie al hierdie dinge nie?” In die oorspronklike staan daar letterlik dat hy ook 'n hart het soos hulle. Die hart was gesien as die setel van jou denke, daarom is dit in Afrikaans vertaal met “verstand”. Met sy opmerking wil Job sê dat hulle groot wysheid eintlik niks te make het met sy probleem nie. Dit is irrelevant!

Job begin bitsig terugveg teen sy vriende se aftakeling. Dit is eintlik 'n baie goeie teken, want dit wys dat Job besig is om beheer

terug te kry oor sy lewe wat so jammerlik aan flarde lê. Ek het al so dikwels moes toekyk hoedat iemand in selfbejammering verval wanneer die ongeluk tref. Dierbare vriendin Rosalie verduidelik dit so mooi, hoedat sy 'n “pity-party” kan gooi, en dan huur sy sommer 'n sirkustent en maak daarvan iets waarvan die wêreld moet kennis neem. Nou-ja, J5ob was besig om presies só 'n “pity-party” (selfjammerjoligheid?) te gooi. En wanneer sy vriende wil kom handbysit om sy selfbejammeringsvuurtjie goed aan te blaas, dan begin Job eers besef waarmee hy besig is, en waarmee sy vriende besig is. En dan begin hy tot sy sinne kom.

Inderdaad is dit nie onnatuurlik om in selfbejammering te verval wanneer dinge vir jou te erg raak nie. Maar hoe gouer jy die bul by die horings pak en uit daardie gat uitklim, hoe gouer sal jy weer kan lewe. Inderdaad is dit makliker gesê as gedaan! So 'n aksie kom nie maklik nie, en die geringste dingetjie kan jou weer laat teruggly. Maar dit is deur-en-

deur die moeite werd om vas te byt en aan te hou klim.

Job beklemtoon dit vir sy vriende dat hy inderdáád 'n vroom lewe lei. Dan verduidelik hy dat vroomheid nie noodwendig beteken dat alles net maanskyn en rose sal wees nie. Inteendeel, ten spyte daarvan dat hy lewe soos God van hom vra, is hy 'n grap vir sy vriende. Hy is regverdig, maar die mense lag hom uit daaroor. As iemand jou vandag sou uitlag omdat jy jou Christelike beginsels uitleef, is dit beslis nie lekker nie. In Job se tyd was dit soveel erger. Dit was uiters vernederend!

Job sê vir Sofar, Elimas en Bildad dat hulle liewer by die natuur moet gaan leer wat ware wysheid is. Volgens Sofar is wysheid ontoeganklik vir die mens. Job argumenteer egter dat die bronne van wysheid oral is, selfs by die diere van die veld, die visse en die aarde. Wanneer jy na hulle kyk, sal jy baie gou agterkom dat God alle lewe in Sy mag het. Hy bepaal selfs elke mens se

asemhaling. Ware wysheid kom slegs van God alleen af.

Maar nie alleen dit nie, God is ook soewerein. Daarom is al Job se hoop slegs op God alleen. In Sy soewereiniteit kan Hy doen wat Hy wil. Hy kan dit ook doen waar Hy wil en aan wie Hy wil. Waar God afbreek kan niemand weer opbou nie. Terloops, hierdie feit het so duidelik na vore gekom in 70 nC toe Jerusalem verwoes is, soos wat Jesus voorspel het. Jesus het verder voorspel dat die tempel tot op die grond afgebreek sou word. Die tempel is nooit weer herbou nie, en op die plek waar die tempel gestaan het, het daar 'n moskee verrys, tot afgryse van alle Jode. Daar kan nooit weer 'n tempel wees nie.

Wel, as ons sê “nooit”, dan is dit ook nie heeltemal waar nie, want in Openbaring beskryf Johannes die nuwe tempel wat eendag uit die hemel gaan neerdaal.

God se soewereiniteit behels ook dat Hy heers oor die natuur. Dit is Hy wat reën gee

of dit terughou, en dit is Hy wat die sluise van die Hemel kan oopmaak. Hy heers ook oor die maghebbers. Hy gee hulle mag en Hy bring hulle tot 'n val. Vir ons wil dit nie altyd lyk asof God in beheer is oor die leiers nie, maar Hy het hulle in Sy hand en Hy laat hulle slegs toe om te gaan so ver as wat Hy besluit.

Job beskryf hoedat God die mag het om magtige wêreldleiers gekke te maak, konings te laat kaalvoet loop ('n skande!) en hulle selfs slawe te maak. Vername manne kom in skande wanneer God so besluit en selfs die sterkstes kom tot 'n val.

In kort: God se mag is onvergelyklik, onaantasbaar en allesomvattend. Hy is die bron van alwysheid. Job het moontlik vir 'n oomblik getwyfel (Job 10) maar nou het hy net weereens tot die besef gekom Wie God waarlik is. Nou kan hy weer kop optel teen die drie vriende wat hom so ontstel het met hulle “vertroosting”.

Ja, soms kom ek en jy ook by 'n punt waar

ons begin twyfel. Kyk dan net op en sien die ware God raak!

Gebed:

Here, vanoggend wil ek U dank dat U my hand vashou, selfs wanneer ek twyfel. Dankie dat U my al soveel keer weer opgehef het.

# Bly Liewer Stil!

## Job 13

Job het aandagtig geluister na wat sy drie vriende gesê het. Hy verstaan wat hulle wil sê. Maar hy skud sy kop heftig: “Nee, nee! Ek staan nie vir julle terug nie!” Hy het die waarheid met sy eie twee oë gesien en sy eie twee ore gehoor. En dit verskil radikaal met wat sy “wyse” vriende kwytraak! Hulle moet liewer stilbly! Hulle is drie regte kwaksalwers wat met kasatawatertjies probeer genesing gee!

“Ek wil eintlik met die Almagtige praat,” deel Job hulle mee, “ek wil my saak aan God stel!”

Vir Job is dit nutteloos om verder met sy vriende te gesels, want hulle stapel net 'n spul leuens op. “Ag, as julle maar liewer net wil stilbly,” smeek Job. Dan sal dit eerder as wysheid gereken word. Daar is 'n spreekwoord wat lui, dat as jy stilbly dan dink mense dalk dat jy dom is, maar as jy praat, dan wéét hulle dat jy dom is! Dit sou baie

beter wees vir Job se vriende om eerder stil te bly, want dan blaker hulle nie hulle dwaasheid uit nie.

Stilbly is 'n gawe. Maar saam daarmee kom luister. Hoe troos jy byvoorbeeld iemand wat so pas 'n kind aan die dood afgestaan het? Deur mooi dinge vir hom of haar te sê? “God het 'n blommetjie in die hemel nodig gehad, en toe pluk Hy die kindjie?” Ek het dit al so dikwels gehoor. Dit is nie troos nie – dit is sommer net soetsappige woorde! Die beste troos is om net te sit en luister met 'n simpatieke oor terwyl die persoon haar hart uitpraat. Dit is die beste medisyne vir 'n seer hart. En dit is wat Job bitter nodig gehad het.

Job het nou klaar gesien dat sy vriende beslis nie die vermoë gehad het om te kon luister terwyl hy sy hart uitpraat nie. Hulle het bly tussenwerpsels maak. Sy enigste antwoord is om hom na God te wend, want God sal immers na hom luister. God stel intens belang in Job. God stel inderdaad ook intens belang in jou en my en ons kan gerus

maar ons harte uitpraat teenoor Hom – Hy sál luister!

Maar eers wil Job vir sy vriende 'n ding of twee sê. Hy is verstom oor hulle arrogansie! Hy vuur 'n streep retoriese vrae op hulle af, en hy verwag beslis nie hulle antwoord daarop nie. Wil hulle nou sowaar namens God praat? Wil hulle vir Hom intree en namens Hom verskoning maak vir wat Hy met Job gedoen het? Hoe durf hulle!

O, inderdaad doen baie mense dit vandag nog steeds! Met baie goeie bedoelings probeer hulle vir God en die Bybel verdedig, ongelukkig met totaal misplaasde antwoorde.

Job draai nou na God. Kom wat wil, nou wil hy met die Here praat en sy hart voor Hom leegmaak. Hy staan egter in vrees en bewing want God is dan so hoog verhewe en heilig, en hy, Job is maar 'n nietige mensie. Dus haal hy 'n slag diep asem en praat homself goed moed in vir die reuse oomblik.

Dit klink vir ons amper lagwekkend, want ons praat dan so maklik met die Here. Wat is Job

se probleem?

In Eksodus 33:20 is daar geskryf dat niemand God kan sien en bly lewe nie. In daardie jare het 'n persoon dikwels sy lewe gewaag om met 'n groot koning te gaan praat. Dink byvoorbeeld maar aan Ester. Vir Job was dit dus 'n berekende risiko om met God te praat, want dit kon sy dood beteken, maar terselfdertyd sou dit sy enigste redding wees.

Vandag kan ons natuurlik met groot vrymoedigheid met Hom praat, want Jesus het vir ons die deur na God oopgemaak.

Job het lank en deeglik voorberei vir hierdie gesprek met God, en dan knyp hy oë toe en val weg. Hy vra aanvanklik net twee dinge van die Here: dat God Sy straf van Job sal wegneem en dat hy nie meer vir God hoef bang te wees nie.

Vandag kan ek en jy dit uitjubel, dat God hierdie twee dinge al lankal vir ons gedoen het. Die dag toe Jesus die skuld betaal het aan die kruis, het God alreeds die straf teen

ons laat vaar. Daar is slegs een enkele voorwaarde hiervoor, en dit is dat ons in Jesus sal glo. En ons hoef beslis ook nie vir God bang te wees nie, want God is LIEFDE!

Nou moet ons dit egter ook baie mooi verstaan: ons moet baie groot respek vir Hom hê. Ek ken mense wat met baie goeie bedoelings disrespekvol van en met die Here praat, en dit maak my baie seer. Daar was jare gelede 'n boek geskryf met die titel: “Hey God!” Dit het my tot in my siel geskok, dat jy die heilige God só kon aanspreek. Jy sal nie 'n hooggeplaasde persoon óóit so aanspreek nie. Hoeveel te meer die Allerhoogste God. Alhoewel ons nooit óóit vir Hom bang hoef te wees nie, moet ons Hom steeds met die grootste respek en eer behandel wat Hom, die Almagtige God toekom.

En terloops, Jesus is God! Dus, wanneer ek van en met Jesus praat, gee ek Hom presies dieselfde eer en respek. Hy is nie 'n trappie laer as God, soos soveel gelowiges wil maak nie. Hy is die Almagtige Skepper-God soos

wat Hy in Johannes 1 beskryf word.

Gebed:

Here, aan U kom al die lof en dank en ere toe!

## Is daar lewe na die dood?

## Job 14

Is die lewe na die dood nie dalk maar net wensdenkery nie? Dit is met hierdie vraag wat Job vanoggend worstel.

Job begin sy betoog, dat die mens maar 'n nietige wese is. Hy is uit 'n vrou gebore, en dus is hy van nature onrein. Volgens die beskouings van daardie tyd, is 'n vrou 'n onrein wese, en daar kan tog mos nie iets rein uit die onreine kom nie? Sy lewe is boonop maar bitter kortstondig, nes 'n veldblom wat pragtig oopgaan, net om maar weer 'n paar dae later te verwelk en tot niet te gaan

En sy tydjie hier op aarde is vir hom afgemeet. Op die dag wat vir hom bepaal is, sal hy sy laaste asem uitblaas. En dan? Is daar ooit nog 'n “dan” nadat dit gebeur het? Is dit nie maar net 'n toevlug vir iemand in nood om te wil dink dat daar lewe na die dood is nie? Dit maak immers darem jou pyn ligter as jy daardie verwagting het. Dis tog

gans onmoontlik om te wil dink dat 'n mens weer lewendig sal word, net so onmoontlik as wat dit sou wees om die see te laat drooglê of die Jordaanrivier te laat opdroog.

'n Mens is tog nie 'n boom wat weer sal begin groei nadat dit afgekap is, as jy die stomp weer plant nie. Of soos 'n ou boom wat “doodgegaan” het na 'n erge droogte, en dan skielik weer begin groei wanneer dit reën. So is die mens beslis nie, dink Job.

Dalk sou dit help as hy net tydelik in die doderyk kon gaan “wegkruip” tot God se toorn bedaar het. As hy dan met 'n “wonderwerk” kon terugkom, sou dit weer nuwe lewe vir Job kon beteken. Dit sou vir hom 'n herstelde verhouding met God kon beteken. Vir Job is hierdie gedagte egter nie 'n opstanding uit die dood nie, maar eerder iets soos 'n bybring uit 'n bewustelose toestand. As dit alles tog maar net waar kon wees, dan sou God hom nie so meedoënloos dophou om te sien of hy nie dalk iewers iets verkeerd doen nie. En God sou nie so

stiptelik boekhou van die kwaad nie.

Maar helaas, ook dít is alles blote wensdenkery. 'n Mens is tog mos nie só nie? As jy dood is, is jy dood. Jy sal nie eendag maar net weer wakkerskrik nie! Die dood is sy voorland, en dan is alles vir ewig vir hom verby.

Ironies genoeg, is dit presies hoe die Sadduseërs van die Nuwe Testament gedink het. En dit is presies soos baie mense vandag nog steeds dink. Daar is NIE 'n hemel nie, en daar is NIE 'n hel nie! Daarom kan jy maar lewe nét soos jy wil, want as jy dood is, is jy dood. Fienies en klaar!

Hoe verskriklik verkeerd was Job nie. En hoe skrikwekkend verkeerd is daardie twyfelaars nie vandag nie! Daar is beslis 'n hemel, een waar God is en Sy engele, maar ook almal wat as gelowiges gesterf het. En daar is beslis óók 'n hel, die verskriklike plek wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, asook vir alle ongelowiges. Dit is nie maar net 'n doderyk, soos wat Job geglo het nie.

 **Terug na INHOUD**

“Heaven is for Real” is die titel van 'n boek deur Todd Burpo. Dit is die verhaal van 'n vierjarige seuntjie wat tydens 'n operasie 'n hemelervaring gehad het en later verstommende dinge vertel het van sy besoek aan die hemel. Daar is ook 'n rolprent gemaak oor die verhaal.

Inderdaad is die hemel 'n groot werklikheid. En ek sê dit nie op grond van die verhaal van daardie seuntjie, asook talle ander mense met soortgelyke ondervindinge nie. Ek sê dit op grond van uitsprake in die Bybel, die Woord van God.

Om 'n paar voorbeelde te noem: Jesus se gelykenis van Lasarus en die ryk man (Lukas 16:19-31); die Sadduseërs se vraag oor die opstanding uit die dood (Matt. 22:23-32); die verheerliking op die berg (Lukas 9:28-36); Joh. 3:16; talle uitsprake van Paulus; die hele Openbaring.

Maar wat beteken dit dan nou vir my? Wat maak dit dan saak of daar 'n hel is of nie?

As daar nie 'n hel sou wees nie, dan sou ek

mos nie werklik omgee vir die ongelowiges nie, want as hulle dood is, is hulle dood. Einde van storie! Die beroemde fisikus Steven Hawking het eenmaal gesê, dat wanneer jy die dag sterf, dan is dit soos om 'n rekenaar se muurprop uit te trek. Dan is alles net morsdood. Wat hy vergeet het om te noem, is dat as jy daardie selfde dooie rekenaar se prop weer inprop, dan werk hy weer. Die verskil is net, dat wanneer 'n ongelowige se proppie weer ingeprop word, dan lewe hy in 'n plek waar géén mens wil wees nie. Jesus het die ryk man se foltering as ondraaglik beskryf (Lukas 16). As gelowige gun ek sulke foltering vir niemand nie, en daarom dring dit my om die blye nuus van Jesus se redding aan alle ongelowiges wat my pad kruis oor te dra.

En die hemel? Wat beteken dit vir my dat daar 'n hemel is? Dit gee my hoop! Job sê dit so mooi in vers 14: “Dan sou ek al die dae van my swaarkry kon wag tot daar vir my lewe kom.” Dan maak die swaarkry en die

ellende en pyn wat ek hier op aarde ondervind nie rêrag so baie saak nie, want nét anderkant die grens van die dood wag daar vir my 'n splinternuwe lewe sonder enige van die slegte dinge wat ek hier ondervind. Al die wag is dan oor en oor die moeite werd.

As Job maar net geweet het dat hierdie lewe-na-die-dood ding 'n absolute werklikheid is! Dan sou hy nooit in sak en as gaan sit het nie!

Gebed:

Here, dankie dat U vir my 'n wonderlike lewe na die dood beplan het.

# Wat 'n Vriend het ons in Jesus

## Job 15-17

Eergister stuur iemand vir my 'n SMS. Sy is baie ontsteld en verward. “Die Here is my beste Vriend.” skryf sy. “Altans, so het ek gedink, maar my broer wat 'n leraar is, sê dat ek totaal verkeerd is, want 'n mens kan nie vir God as 'n Vriend sien nie. Dit is arrogansie!” Nou wil sy weet of sy God ooit as 'n Vriend mag beskou?

“Wat 'n Vriend het ons in Jesus.” sing ons die ou Halleluja liedjie. As jongmens was dit my gunsteling liedjie om te sing. En met reg ook! Maar kan ek Hom werklik my Vriend noem?

Job se “goeie vriend” Elifas is baie omgekrap oor Job se arrogansie om dit te durf waag om met God te praat. “Kan 'n verstandige man soveel onsin praat, so vol wind wees?” In sy eerste gesprek met Job was hy baie simpatiek. Nou is dit egter 'n héél ander storie. Hy vaar teen Job uit en vertel hom behóórlik sy fortuin.

Elifas se woorde drup behoorlik van die sarkasme. “Was jy deel van God se Raadsvergadering?” wil hy weet. Al Job se woorde is niksseggend, net 'n spul wind! “Wat verstaan jy miskien wat ons nie verstaan nie?”

Job verstaan egter baie meer as wat Elifas en sy maats besef. Job verstaan wat dit beteken om in 'n hegte verhouding met God te leef, só 'n hegte verhouding dat hy maar sy hart teenoor sy Here kan uitpraat.

“Hoe kan 'n mens ooit rein wees?” vra Elifas, bedoelende rein genoeg om met God te mag praat. “As God nie eers hemelwesens vertrou nie …..... hoeveel minder 'n onrein, verdorwe mens....?” (Job 15: 15-16)

As dit die geval sou wees, sou niemand van ons óóit onsself tot God kon wend nie. Jesus het egter gesê dat Hy nie vir die “goeie” mense na die aarde gekom het nie maar vir die sondaars, die onreines, mense soos ek en jy. En daarom mág Job (én ek en jy) na God gaan en met Hom gesels.

Só tier Elifas voort in 'n stortvloed van beskuldigings.

Job skud sy kop. “Julle is almal 'n hopelose spul troosters. Kom daar geen einde aan julle sinlose gepraat nie?” (Job 16:2-3)

Dan vertel Job hulle van die pyn wat hy beleef. God het hom afgetakel. Hy het Job se hele gesin uitgewis. In Sy toorn het God hom verskeur en vervolg en sy lewe bedreig. God is sy Teëstander. Hy het Job uitgelewer aan slegte mense wat hom beledig en hom in sy nood uitbuit. “My gal loop uit op die grond!” kerm Job. “Ek het my oë rooi gehuil. Daar is swart kringe onder my oë.” (vers 16)

“Tog is ek nie skuldig aan geweld nie en my gebed is opreg.” Die arme Job verstaan gladnie waarom die Here hom so swaar getref het nie. Wat het hy verkeerd gedoen?

Tog verwerp Job nie die Here nie. Krampagtig bly hy aan sy enigste Redding vasklou. Sy hoop is steeds op God gerig. Dit is verstommend dat Job sy hoop vestig op die Een wie hy so flussies sy Teëstander

genoem het. Hy vra dat God sy Getuie word, sy Advokaat wat sy saak moet behartig. Sy vriende het hom klaar afgeskryf en nou is God sy enigste hoop.

Job se emosies is verskeur tussen hoogte- en laagtepunte. Hy is soos 'n bootjie wat op 'n rowwe see dobber, die een oomblik is hy op die kruin van 'n reuse brander en die volgende onder in die gat.

'n Diepe depressie oorval Job weereens en al wat vir hom oorbly is sy graf, die dood. Vir die graf sou hy sê: “Jy is my vader” en vir die wurms: “Julle is my moeder en my susters.” (Job 17:14)

As Job tóg maar geweet het......

Wat 'n Vriend het ons in Jesus........

Ons lees van Abraham dat hy God se vriend was. Moses het lang gesprekke met God gehad. Dawid het gesing dat die Here sy Herder is en dat God hom versorg, rusplek by koel water gee en hom na groen weivelde neem. Slegs 'n baie goeie Vriend sal sulke

dinge vir jou doen.

'n Paar dagstukkies terug het ons gesê dat ons groot respek vir die Here moet hê. Inderdaad is dit so. Ons kan Hom egter ook sien as 'n Vriend wat waarlik intens in ons belang stel en vir ons omgee. Teenoor 'n ware vriend kan jy maar jou hart oopmaak en vir hom prontuit sê wat jou pla. God is so 'n Vriend, en jy hoef nooit bang te wees om reguit met Hom te praat nie. Job het dit wel gedoen, maar in vrees en bewing omdat hy nie van beter geweet het nie.

Vandag weet ons dat ons nie nodig het om in angs met Hom te praat nie. Ons mag maar praat want Hy is ons liefdevolle Vader. Natuurlik weet ons almal dat ons Hom mag en moet loof en prys en dat ons vir Hom moet sê wanneer ons gelukkig is of iets mooi ondervind. Ongelukkig doen ons dit te min. Ons weet ook dat ons Hom mag vertel van ons hartseer en ons behoeftes. Dit doen ons dikwels. Ons mag egter ook soos Job vir Hom sê as ons ongelukkig is oor Sy besluite.

Ons mag dit doen sonder vrees vir Hom, maar ons moet dit te alle tye met groot respek vir Hom doen.

Gebed:

Here, dankie dat ek met U kan gesels soos met 'n Vriend. Dankie dat U intens in my belang stel.

# Job Voel Verwerp

## Job 18-19

Nou is dit weer vriend Bildad se beurt om gal af te gaan oor Job se “arrogansie” Hy voel gebelgd oor Job se houding. Hy voel gekrenk omdat Job op hulle tone getrap het. Job het “insigloos” met hulle gepraat. Dalk het die waarheid 'n bietjie seer gemaak!  Nou wil Bildad sommer impliseer dat Job 'n Goddelose man is.

In sy tierade beskryf Bildad die afgryslike lot van die Goddelose. Hiermee wil hy indirek vir Job wysmaak dat dit beslis ook sy lot is omdat hy Goddeloos is.

Dit maak bitter seer wanneer mense jou van dinge beskuldig waaraan jy onskuldig is. Ek het hierdie week so 'n brief gehad waar die persoon my van allerhande dinge beskuldig het en waar ek weet dat ek onskuldig was. Dit kom van 'n mede-gelowige, dit maak dit seerder.

Hoe hanteer jy sulke uitlatings? Die eerste

reaksie is om terug te baklei en die man sy fortuin te vertel. Dit is egter nie 'n oplossing nie. Jesus het gesê dat ons die ander wang moet draai. Beteken dit nou dat ek maar moet stilbly en die beskuldigings aanvaar selfs al is dit onwaar?

Ek dink nie dit is wat Jesus bedoel het nie. Om egter aggressie met aggressie te beantwoord is beslis nie 'n oplossing nie. Ek het al op die harde manier geleer dat dit die beste is om nie dadelik te antwoord nie maar om eers af te koel en nugter daaroor te gaan dink en bid. Eers wanneer jy heeltemal kalm is, formuleer jy in liefde 'n antwoord sonder om te probeer terugkap of snedig wees. Wat die persoon wat jou aanval daarmee maak is sy eie saak.

Hoe hanteer Job hierdie verskriklike aantygings van Bildad?

Hy snik dit uit: "Hoe lank gaan julle my bly pynig?" Keer op keer moes hy luister hoedat hulle hom op die gruwelikste manier beledig.

"As ek verkeerd gedoen het dan is dit my eie

saak.” sê Job. Dit is in elk geval 'n saak tussen hom en God, want dit is God wat hom die onreg aangedoen het, so glo Job. Dis nie nodig dat hulle óók nou nog kom en hulle oor hom aanstel nie.

Job voel verslae teen die aanslag wat God op hom loods. Eenmaal was hy God se “witbroodjie”. Alles wat sy hart begeer het hy gehad. God het hom egter onttroon. Soos 'n stormram wat 'n muur verpletter, so is Job verpletter.

Job se smarte het nie geëindig toe sy kinders almal daardie dag omgekom het nie. Nou het al sy familie hom ook verlaat en afgeskryf. Selfs sy eie huismense en sy slawe, sy eie besittings ignoreer hom, maak asof hy nie eers bestaan nie. Hulle beskou hom as 'n uitlander, iemand wat nie hier bestaansreg het nie.

Selfs sy eie vrou draai weg as hy naby haar kom. Sy asem walg haar. Sy eie broers sê hy stink! Die toestand van sy liggaam is natuurlik hiervoor verantwoordelik want die

sere op sy liggaam ruik sleg. Selfs die kinders, wat natuurlik 'n baie groot respek moet hê vir 'n gesiene man met Job se status, minag hom en spot hom. Dit maak bitter seer!

Job se liggaam gaan baie sleg agteruit. Hy is nou net vel en been. “Al my tande het uitgeval.” kerm Job. Moontlik moet ons hierdie nie te letterlik opneem nie. Dit mag dalk 'n spreekwoord wees om Job se verslaenheid te benadruk asook sy verbasing dat hy na dit alles ooit nog lewe.

Dan pleit Job by sy vriende: “Kry my tog jammer, my vriende, kry my tog jammer!” Asof dit nie genoeg is dat God hom so swaar vervolg nie doen hulle dit ook. “Kry julle nie genoeg nie?”

Job haal 'n slag diep asem en as hy opkyk kom hy tot die besef dat alles nie verlore is nie. Skielik leef Job se geloof en vertroue weer en is hy weereens die Job van ouds. “Ek weet my Losser leef, uiteindelik sal Hy op aarde triomfeer!” (Job 19:25)


**Terug na INHOUD**

Vir Job is die groot troos dat Hy sal lewe selfs nadat daardie verskriklike siekte sy vel weggevreet het en dan sal Hy God sien. “Met my eie oë sal ek Hóm sien, Hom en niemand anders nie. Ek smag daarna met my hele lewe.”

In gister se dagstukkie het ons gesien hoedat Job se emosies met hom wipplank ry. Een oomblik bewe hy van vrees vir God en die volgende loop hy oor van bewondering vir dieselfde God wat hy so vrees. Vandag sien ons dieselfde tendens as Job die een oomblik inmekaar krimp as hy dink dat God hom totaal verwerp het, om maar net die volgende oomblik weer vir God te omhels en te borrel oor God se liefde en trou.

As jou emosies dus soms so met jou wipplank ry kan jy beslis weet dat jy nie alleen is nie. Job het dit ondervind en baie gelowiges gaan vandag steeds daardeur. Ek het dit self ook al ervaar en ek sien daagliks mense wat daarmee worstel.

Die groot geheim is om aan die Here vas te

klou maak nie saak wat jou emosies met jou doen nie. Wie gaan jy vertrou? Die duiwel wat jou met allerhande leuens wil onderkry? Of die waarhede wat vir jou en my in die Bybel opgeteken is? Besluit maar self!

Gebed:

Dankie dat U my vaste rots is op Wie ek altyd kan vertrou Here. Dankie vir al U beloftes in die Bybel.

# Is God Onregverdig?
## Job 20-21

Na Bildad en Elifas se tirade kom Sofar aan die beurt om ook sy eiertjie te lê in Job se nessie van wanhoop. Jy sal moontlik onthou dat Sofar in sy eerste gesprek nog vir Job bemoedig het en vir hom die hoop probeer gee het dat hy steeds dinge met God kan regmaak. Nou sing hy egter 'n héél ander deuntjie.

Sofar is bitter ontsteld want hy is oor die vingers getik en hy sien dit as 'n belediging. Hy beaam wat Bildad so pas kwytgeraak het. Job is 'n Goddelose man. Uit en klaar! Het Sofar dan nie gehoor wat Job so pas gesê het nie? Luister hy dan gladnie na sy vriend nie?

Inderdaad noem Sofar nêrens Job se naam direk in sy streep beskuldigings nie. Jy kom egter baie duidelik agter uit die trant van sy betoog dat hy éintlik vir Job impliseer. Is dit nie maar wat ons vandag ook dikwels doen nie? Jy praat met 'n groot ompad van 'n

persoon sonder om ooit sy naam te noem. Intussen weet álmal egter presies van wie jy praat.

Sofar beweer dat die getuienis teen Job verdoemend is. Totale vernietiging is sy uiteinde. Job se lot is onomkeerbaar en finaal. Daarmee word Sofar se giftige betoog afgesluit en hy kry nie weer 'n spreekbeurt in die Job-sage nie.

Hiermee word die tweede siklus van die Job-verhaal dan ook afgesluit. Die derde siklus begin in hoofstuk 21 met twisgesprekke tussen Job, Elifas en Bildad en Sofar verdwyn van die toneel.

“Luister 'n slag na my.” begin Job sy pleidooi. “So sal julle my die beste troos. Verdra my asseblief terwyl ek praat. Laat my toe om klaar te praat. Daarna kan julle my verder bespot as julle dan steeds so voel.”

Job se versoek is tog 'n redelike een. Tot dusver het niemand nog werklik geluister wat hy probeer sê het nie. Dit klink nie of een van die drie verstaan waardeur Job gaan nie.

Niks wat hy sê het ingesink nie. Elkeen is net besig met sy eie agenda.

Ek is sélf soms skuldig daaraan dat ek besig is met my eie gedagtes wanneer iemand praat en dan val ek tussenin met my eie betoog sonder om ag te slaan op wat die persoon besig was om te sê. Ek kan nie genoeg benadruk hoe belangrik dit is om met volle aandag na iemand te luister nie. Ek wens net dit wil by myself ook behoorlik insink!

“Luister na my,” pleit Job. Sy klag is nie teen mense nie maar teen God en Sy stilswye. Dit maak hom bitter ongeduldig want dit voel vir hom asof God hom nie antwoord nie. Hulle, sy vriende behoort eintlik geskok te wees oor dit wat besig is om te gebeur. Hulle behoort stom van verbasing te staan oor Job se lot en empatie met hom te hê.

Dan is daar boonop die verskriklike onregverdigheid dat die Goddeloses net voorspoed beleef. Alles gaan goed met hulle. Hulle het kinders en kleinkinders. Hulle het

vrede in hulle huise en die gelag van vrolike klein kindertjies wat speel en baljaar plaas 'n groot vraagteken op die regverdigheid van God. Hulle veekuddes teel aan en dit lyk asof geen teëspoed hulle ooit tref nie. En dit terwyl hulle onbeskaamd vir God misken.

“Laat God ooit oordeel oor hulle kom?” vra Job. Dit is só onregverdig! Job begryp hierdie agterstevoor lewe gladnie! Die troos is egter vir Job dat hy nie met hierdie mense vergelyk kan word nie. Job se vriende is van mening dat dit juis die Goddeloses is wat uitgedelg word. Job wil hulle egter baie duidelik laat verstaan dat dit nie die geval is nie.

Moontlik sou jy vandag ook die vraag wil vra, waar die regverdigheid van die lewe dan is? Vandag lyk dit steeds dikwels vir ons asof die Goddelose net voorspoed het en dat sy rykdom dikwels nie perke ken nie. Waarom is dit net die gelowiges wat swaar kry?

Daar was eenmaal twee atlete, Piet en Klaas. Klaas was gemaksugtig en het nou nie juis baie geoefen nie. Hy het al die

verkeerde goed soos tjips en roomys geëet en die lewe ten volle geniet. Piet, aan die ander kant het homself elke dag gepynig met oefen en nogmaals oefen. Hy moes maar tevrede wees met dikwels onsmaaklike kos om sy spiere te voed. Hy het baie hard gewerk terwyl Klaas lê en ginnegaap het. Toe die dag van die wedstryd aanbreek het Piet 'n goue medalje gekry. Klaas is uitgejou toe hy 'n halfuur later oor die wenstreep aanslenter.

Ons lewe op aarde is kortstondig as ons die ewige lewe in ag neem. Die Goddelose mag dalk vir hierdie kort rukkie 'n koninklike lewe hê terwyl die gelowige worstel. Maar wanneer die ewigheid aanbreek is dit die gelowige wat vir die res van sy lewe in die hemel deurbring. Die ongelowige moet dan die straf van die hel verduur wat vir 'n ewigheid duur.

Vertel my: is dit onregverdig?

Ek dink nie so nie! God is regverdig, al wil dit nie altyd vir ons so lyk nie.

Gebed:

Dankie Here dat ons kan weet dat U absoluut regverdig is.

## God Het Jou Nodig

## Job 22-23

“Kan 'n mens vir God tot nut wees?” vra Elifas 'n retoriese vraag vir Job. Natuurlik verwag hy nie 'n antwoord nie want hy ken mos al lankal die antwoord. “Nee, nee, nee, die verstandige is slegs vir homself tot nut.” 'n Verstandige mens gaan slegs na sy eie belange omsien want hoe gaan hy, nietige mens nou die Almagtige God kan help?

Miskien moet ek vir jou dieselfde vraag vra. “Dink jy miskien dat jy enigiets vir God kan beteken? Veral in die lig daarvan dat jy 'n sondige mens is?”

Hierdie is miskien nie so 'n simpel vraag as wat dit klink nie. In die eerste plek het God 'n skaar van magtige engele wat tot baie meer in staat is as enige mens. Hulle is immers hemelwesens. In die tweede plek is God almagtig en kan Hy deur 'n enkele woordjie te sê berge laat skuif en planete laat vorm. Waarom sou ons mensies dat nog énigsins vir Hom van nut wees?

Die antwoord vind ons alreeds in die eerste sinnetjies van die Bybel waar God vir Adam opdrag gegee het om oor Sy skepping te heers. Hy (die mens) is die een wat hierdie planeet en alles daarop moet bewaar. Dit is 'n reuse opdrag met verrykende gevolge.

Reg deur die Bybel sien ons hoe God mense (nie engele nie) gebruik om Sy doel te bereik. Dit begin by Noag wat 'n skip moes bou om 'n kerngroep mense en diere behoue te laat bly tydens die groot vloed. Hy kon maklik Sy engele gestuur het om hulle te red, maar Hy het verkies om 'n mens te gebruik. Wanneer ons verder deur die verhaal lees sien ons dat Hy vir Abraham gebruik, Josef, Moses, Simson, Gideon en nog baie ander.

Wanneer ons na hierdie mense se lewens kyk dan merk ons dat hulle maar feilbare mense is, elkeen met 'n paar geraamtes in die kas. Abraham het gelieg; Josef was hoogmoedig; Moses het 'n moord gepleeg; Simson het agter mooi vrouens aangehardloop. En so kan ons aangaan. Nie

een van hulle was dus perfek nie. God het egter elkeen van hierdie onperfekte, dikwels sondige mense gebruik om Sy heilige doel te bereik.

Kyk ons na die Nuwe Testament dan sien ons 'n Petrus wat vir Jesus verloën het wat die leier van die Evangeliste word. Duisende mense kom tot bekering onder hierdie eenvoudige visserman se prediking. Paulus, die man wat die kerk meedoënloos vervolg het word die grootste sendeling van alle tye en derduisende mense vind Jesus onder sy prediking. Nog baie miljoene mense ontmoet Jesus later as gevolg van sy briewe.

Die groot helde is egter nie Paulus en Petrus nie maar die duisende bekeerlinge wat elkeen op sy eie werf die evangelie verder versprei het om 'n ontploffing in die kerk tot gevolg te hê. Hierdie was doodgewone mense met absoluut géén teologiese opleiding of selfs eers 'n Bybel nie. Boonop was die meeste van hulle afgodsaanbidders voor hulle bekering.

Om Elifas se vraag dus te beantwoord: “Inderdaad kan énige mens vir God tot nut wees!” Dit sluit natuurlik vir jou en my in. Hy wil elkeen van ons baie graag gebruik. Al wat Hy van ons vra is ons bereidwilligheid. Hy sal verder alles voorsien. Om die waarheid te sê, Hy gee vir ons die Heilige Gees om ons die nodige leiding, krag en wysheid te gee.

In hoofstuk 22 gaan Elifas gal af oor waarom Job beslis nie geskik is om in diens van God te kan staan nie. Sy sonde moet verskriklik groot wees want God sal tog nie 'n onskuldige mens so verskriklik straf nie. Goeie mense word beloon, nie gestraf nie. Dan noem hy sommer 'n streepsak vol sondes op waaraan Job hom skuldig gemaak het. En Job moet oopmond staan en luister want hy wéét voor sy siel dat hy totaal onskuldig is aan die gruwelike dinge wat Elifas hom toedig.

Al wat Job nou moet doen is om homself net weer aan God te onderwerp. Hy moet weer op die “ou pad” begin loop dan sal die Here

hom weer vrede en voorspoed gee.

Job trek sy skouers op. Hy ignoreer Elifas se betoog want Elifas en sy maters praat in elkgeval net 'n klomp strooi. Hy is steeds opstandig teen God maar hy begin weer sy selfvertroue terugkry. Alhoewel dit aanvanklik klink asof hy met Elifas en sy maats praat, is sy gesprek eintlik met God. In hierdie gesprek spreek hy dan ook sy onvoorwaardelike vertroue in God uit. Hy verklaar dat hy totaal afhanklik van God is.

Ja, God is sy Regter en dit is daardie Regter wat hom sal vryspreek want hy is immers 'n opregte mens. Hy aanbid God met ander woorde uit sy hart.

Dit is egter vir Job baie moeilik want dit voel vir hom asof hy nie kan deurdring tot God nie, asof God nie sy pleidooie hoor nie. Dit frustreer Job grensloos.

Tóg gee hy nie moed op nie en hou hy aan probeer om God te "vind". Alhoewel hy in wanhoop, vrees en angs lewe wat hom in duisternis dompel weerhou dit hom nie om

aan te hou om met God te praat nie.

Dit moet vir my en jou 'n wonderlike voorbeeld wees. Wanneer die ongeluk dreig om ons te oorweldig is dit júís die tyd om ál ons hoop op God te rig.

Gebed:

Here, ek vestig vandag ál my hoop op U. Ek verklaar my totale afhanklikheid van U. Dra my asseblief Here!

## Lig en Duister
## Job 24

Job troef vir Elifas en sy vriende wanneer hy vir hulle wys wat die werklikheid is. Hulle bewerings dat God die goeie mense in hierdie lewe beloon en die Goddeloses straf is ver van die waarheid af.

Dan vra hy die Here waarom Hy nie maar vaste dae van afrekening daar kan stel nie? In vandag se terme: Maandag is afrekeningsdag. Elke Maandag verskyn al die Goddeloses voor die Here se hof en dan word hulle gestraf. Dit sou mos logies klink?

Maar nee, dit werk nie so nie. Die werklikheid is dat dit wil voorkom asof die Goddeloses skotvry daarvan afkom terwyl diegene wat wil reg lewe uitgebuit word deur die Goddeloses. Dit is veral die weerlose mense wat swaar trek, die weduwees, weeskinders en armes.

Die Bybellennium beskryf baie mooi wat die lot van die minderbevoorregtes in daardie jare was. Vee, dis nou beeste en donkies,

was dikwels die enigste besittings wat weduwees en weeskinders gehad het om van te oorleef. Hierdie armes moes uit die pad van die Goddeloses bly want hulle is dikwels beroof van hierdie enigste lewensmiddele. Boonop is die weeskind wat vaderloos was dikwels as klein kindjie van die ma weggegryp en as slaaf gebruik of selfs verkoop. Verskriklik!

Job kla by God dat die armes as arbeiders onder haglike omstandighede op die goddelose rykes se plase moet werk. Hulle moet dikwels soos wildedonkies in die woestyn gaan kos soek. Of hulle moet oorleef van veevoer en oorskiettrossies in die wingerde. Hulle klere is gehawend en nakend moet hulle die ongenaakbare natuur trotseer. Hulle word slegter behandel as diere wanneer hulle olie pars. Hulle word dikwels selfs aangerand.

En die tragiese is dat God dit toelaat! Hy steur Hom nie aan die vertraptes se hulpkrete nie en Hy doen niks omtrent die

onreg nie.

Klink dit nie bekend nie? Is dit nie 'n klaaglied wat vandag steeds dikwels opklink nie? Skatryk hooggeplaasdes gedy en word al ryker terwyl die armes krepeer van die ellende en dan boonop verder uitgebuit word deur daardie einste rykes. En dit wil vir Job voorkom asof God die onreg gladnie eers raaksien nie!

Dit is nou maar eenmaal so dat 'n sosiale onreg waaraan niks gedoen word nie kan sneeubal tot 'n vernietigende, onbeheerbare monster wat net eenvoudig voortstoomroller. In die Weskaap is daar byvoorbeeld die bendes wat die lewe vir almal versuur. As hierdie euwel jare gelede toe dit ontstaan het in die kiem gesmoor was sou dit vandag nie 'n probleem gewees het nie. Dit is egter toegelaat om wortel te skiet en vandag het dit sulke afmetings aangeneem dat dit basies onstuitbaar is. Bendes oorheers die lewens van talle mense en die leiers gee nie om wie in die slag bly nie. Selfs die polisiemag staan

hande afgekap want dikwels is hulle bevrees vir die gevolge as hulle inmeng of is hulle dalk sélf ingeslurp in die bendewêreld.

Maar Job is nie klaar nie. Hy vergelyk die goddeloses met duisternis want hulle duistere werk doen hulle meestal in die donker. “Hulle kan die daglig nie verdra nie,” maak Job die stelling. “Hulle hou nie van die dag se paaie nie.”

Job sê dat die moordenaar sy bose dade in die nag doen en onder dekking van die donker sal hy steel. Diewe wag totdat dit pikdonker is voordat hulle inbreek en bedags kruip hulle weg. Selfs die egbreker doen sy ding in die nag wanneer niemand sien waarmee hy besig is nie.

Is dit nie so dat duisternis 'n beklemming om jou hart plaas nie? Dikwels is mens bang vir die donker omdat dit dinge inhou wat jy nie kan sien nie. Dit is daarom dat die bose dinge waarmee mense hulle besig hou dikwels in die donker plaasvind.

In skrille kontras hiermee word die helder lig

geassosieer met God. Johannes skryf immers in Joh. 1:4 van Jesus (die Woord). Dan sê hy: “In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die Lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.” In vers 9 beskryf Johannes die Woord as die “Ware Lig”.

Inderdaad is daar baie vrae waarvoor ons vandag nie antwoorde het nie. Waarom laat God dit toe dat onreg plaasvind? Waarom gryp Hy nie in nie?

Soos ons in vorige dagstukkies reeds gesien het moet ons nie in menslike tyd of perspektief dink nie. Ons het gesien dat ons lewe op aarde slegs 'n oogwink is in vergelyking met die ewigheid. In die eerste plek moet ons dus ons verdrukking hier sien as 'n kortstondige ding en die ewigheid as die ware lewe waarheen ons op pad is. Die goddelose wat nie tot bekering kom nie is dan ook op pad na 'n straf wat 'n ewigheid duur. Sy voorspoed is kortstondig.

Verder moet ons ook weet dat ek en jy

daardie Lig waarvan Johannes skryf moet weerkaats en versprei. In gister se dagstukkie het ons gesien dat God mense (ons) gebruik om Sy doel te bereik. Ons moet dus gewillig wees om die Evangelie uit te dra aan daardie goddeloses. As dinge handuit ruk is dit omdat gelowiges nie hulle plig doen nie.

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om U lig uit te dra.

## Wie verstaan die dade van God?

## Job 25-26

Vir oulaas wil Bildad nog iets sê. Wat hy oor sy lippe kry maak hierdie keer tóg sin. “Die heerskappy en die vrees kom God toe. Uit Sy hoë hemel gee Hy vrede. Kan die magte waaroor Hy beskik, bereken word? Oor wie skyn sy lig nie?” Mens kan amper sê: “Hoor hoor Bildad! Bravo!” Maar nét in die volgende sinnetjie gee Bildad weer so 'n dolksteek na Job. Hoe kan hy, wat maar 'n doodgewone mens is, dan onskuldig wees? In God se oë is hy 'n blote wurm, 'n ruspe!

Job is moedeloos met hierdie Jobstrooster. “Dink jy nou miskien dat jy my gehelp het in my nood?” Het Bildad werklik raad gegee toe Job nie meer geweet het watter kant toe nie? Dan vra Job 'n baie belangrike vraag: “Met wie se hulp het jy gepraat? By wie het jy gehoor wat jy gesê het?”

Met hierdie vraag moet elkeen van ons eers groot duidelikheid kry voordat ons iemand in nood raad gee. Waarvandaan kom die

wysheid waarmee ek iemand wat in groot droefheid verkeer, troos?

Daar is natuurlik slegs een regte antwoord en dit is dat ons nie durf praat sonder dat ons doodseker is dat ons wysheid van die Heilige Gees kom en dat dit nie maar sommer ons eie gedagtes is wat ons opmaak nie. Met jou eie slimmigheid kan jy baie groot skade berokken. As jy dus nie doodseker is dat dit gedagtes is wat die Heilige Gees in jou gelê het nie is dit beter om liewer jou lippe te sluit. Dit is in elkgeval baie beter om net te luister as om te wil trooswoorde gee.

Dan maak Job 'n baie wyse stelling, eintlik 'n retoriese vraag: “Wie verstaan die dade van God?” God is so onmeetlik groot en kompleks dat géén mens Hom ooit sal kan verstaan nie. Iemand het eenmaal die opmerking gemaak, dat as jy vir God kan verstaan dan kan jy self God wees. Om maar 'n enkele voorbeeld te noem: verduidelik hoe God tegelyk drie persone en terselfdertyd een God kan wees. Ons probeer met

allerhande mooi voorbeelde, maar eintlik raai ons almal maar. Ons sal Hom nooit kan peil nie. Ons kan maar slegs aanvaar en glo dat Hy die Vader, Seun en Heilige Gees is maar slegs een God.

In die lig hiervan: Hoe kan ons God dan bevraagteken as ons Hom nie kan verstaan nie? Hoe durf ons vra waarom God sekere dinge toelaat of laat gebeur? Waarom laat Hy 'n natuurramp toe wat duisende lewens verwoes? Waarom laat Hy toe dat aktiviste verskrikking saai? Waarom sluit Hy die hemelsluise sodat die verskriklike droogte ons tref?

Ons het natuurlik nie antwoorde op hierdie vrae nie maar ons wil God se regverdigheid bevraagteken met ons vrae. Die vraag is egter of ons dit durf doen as ons nie eers naastenby 'n idee het waaroor God se groot Raadsplan gaan nie?

Inderdaad het ek al God se handelinge met myself bevraagteken. Waarom wou Hy nie toelaat dat ek 'n leraar word nie? Waarom

het Hy 'n bankrotskap in my lewe toegelaat? Waarom...... Wanneer ek egter dikwels eers jare later terugkyk, sien ek duidelik die werking van God se Groot Plan. Dan moet ek my kop in skaamte laat sak want God het tóg geweet wat Hy doen!

Om die stempel te plaas op hierdie retoriese vraag: “Wie verstaan die dade van God?” kom Job nou met 'n loflied om die almag en grootheid van God te besing. “God sprei die hemel uit oor die leë ruimte, Hy laat die aarde hang waar niks is nie. Hy versamel die water in die wolke, en hulle skeur nie onder die las nie.”

Natuurlik het Job nie die wetenskaplike kennis wat ons vandag het nie. Hy skryf dus soos wat hy die wonderlike natuurkragte verstaan.

“Die pilare van die hemel skud, hulle sidder vir sy dreigende woede.” Het jy al in verwondering staan en kyk wanneer die weerlig in die hemel speel? Het jy al die almag van God beleef wanneer die

donderweer alles in jou laat bewe?

Job word absoluut ontroer en gefassineer deur die wonder en die grootheid van die skepping. Terselfdertyd versterk sy verwondering ook sy geloof. Iemand wat so wonderlik kan skep kan sekerlik ook pyn en ellende verlos. Hierop bou Job nou sy hoop.

Inderdaad hou die wonder van die skepping vir enige mens wat swaarkry terapeutiese waarde in. Neem byvoorbeeld 'n siek persoon na 'n mooi blomtuin en sien watter verskil dit maak. Op 'n geheimsinnige wyse maak so 'n ondervinding mens gesond. Hierdie is 'n wonderlike geskenk van God wat ons vandag baie meer behoort te benut. Eintlik moet ons uit ons pad gaan om die wonderlike natuurskoon elke dag deel van ons lewe te maak. Dit sal jou lewenskwaliteit baie beter maak.

Dan sug Job in verwondering: “Dit is maar die begin van sy dade, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy dade, wie kan dit verstaan?”

Gebed:

Here, vandag wil ek ook maar net in volslae verwondering die groot, groot wonderwerk van U skepping indrink en al die lof en dank en eer aan U gee. Gee my asseblief ook die berusting wanneer ek dinge nie kan verstaan nie.

## Lied van Wysheid
## Job 27-28

Job is oortuig daarvan dat hy onskuldig is. Só seker is hy van sy saak dat hy dit met 'n eed bevestig. “So seker as wat God leef.” Hy sweer dat hy die waarheid praat. Die lewende God is sy getuie. Waarom kan sy vriende dan nie verstaan dat hy onskuldig is nie? “Tot my dood toe sal ek volhou dat ek onskuldig is. Ek bly daarby dat ek reg het, ek sal daarvan nie afsien en my my lewe lank daaroor verwyt nie.” Job voel teen hierdie tyd al so beswaard met sy drie vriende se kras woorde dat hy hulle nou al selfs as sy vyande begin beskou. “Mag dit met my vyande gaan soos met die goddeloses.”

Job se vriende het net mooi niks vir hom beteken in sy tyd van groot nood nie. Hulle vergeldings-dogma waarmee hulle hom die hele tyd bombardeer is simplisties. Dit is bloot vinnige “oplossings” vir diep lewensvrae. Dit werk net eenvoudig nie so nie! Vandag sit ons met soortgelyke situasies

en ons wil kitsoplossings daarvoor kry. Die Amerikaners is veral berug daarvoor dat hulle wêreldkwessies sommer vinnig-vinnig met militêre mag wil oplos. En keer-op-keer ontplof die bom in hulle gesigte.

Ons wil ook só dikwels 'n vinnige antwoord gee op komplekse situasies. 'n Droogte tref ons land omdat die regering Goddeloos is. Uit en klaar. Vervang die regering en die reën sal terugkeer. So eenvoudig is dit beslis nie, want net so min as wat Job en sy vriende gladnie begryp het waaroor Job se ellende gegaan het nie, verstaan ons ook nie wat God se groot plan is met die droogte wat ons tans platslaan nie.

Op hierdie noot kom die twisgesprekke tussen Job en sy drie vriende tot 'n einde.

Hoofstuk 28 bring 'n verposing in die eindelose twisgesprekke. Die woorde word wel in Job se mond gelê, maar jy hoor duidelik dat dit nie Job kan wees wat aan die woord is nie want daardie soort rustigheid was tot dusver gladnie by hom te bespeur

nie. Moontlik het die skrywer van die boek sélf hierdie lied ingebring om die leser eers tot halt te roep.

Die opskrif van die gedeelte is: **Om die Here te dien, dit is wysheid** “Daar is 'n plek waar silwer uitgehaal word, 'n plek waar goud gesmelt word. Yster word uit die grond gehaal en koper word uit erts gesmelt.” (v. 1,2)

“Die mens bewerk die harde rots met sy hande, hy keer die dieptes van die berge om, hy grawe gange deur die rots, sy oog sien al die skatte, hy stop waterare toe en bring verborge dinge aan die lig. Maar die wysheid, waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig?” (v. 9-12)

Kennis is nie noodwendig wysheid nie. Al die asemrowende tegnologie waaroor ons vandag beskik, besorg vir niemand wysheid nie. Wysheid kan net eenvoudig nie gekoop word nie. Ja, baie skatryk en magtige mense moet vandag steeds leer dat daar sommige dinge is wat géén geld op aarde kan koop

nie. Die twee belangrikstes is wysheid en liefde. Jy kan sekerlik ook vreugde en vrede hierby voeg. Wysheid kan jy slegs op een plek kry: By God alleen!

Die vraag is dan: Hoe bekom enige mens dan sulke soort wysheid?

Noudat ons verstaan dat wysheid slegs van God af kom, is die antwoord dus dat ons dit by Hom moet gaan soek. “Net God weet hoe die pad daarheen loop.” sê die skrywer in vers 23. Dan gaan hy voort en vertel dat God die krag van die wind bepaal het,  die waters uitgemeet het en die reëls gemaak vir die reën. Hy is ook die Een wat die pad vir die weerlig aangewys het. Hy is dus die Een waar wysheid gevind kan word. Steeds is daar die tergende vraag: “Maar hoe kry ek die wysheid?”

Die skrywer kom dan met 'n verrassende antwoord. Dit kom nie deur diep Bybelkennis of Godsgeleerdheid of selfs groot geloof nie. Dit is so eenvoudig soos: “Om die Here te dien, dit is wysheid.” (v. 28)

Om waarlik die Here te dien beteken dat jy in 'n noue verhouding met Hom staan. Geloof in Jesus beteken immers om in 'n verhouding met Jesus te leef. Dit beteken nie om slegs te glo dat Hy God is en dat Hy jou sondes sal vergewe nie. In die Nuwe Testament word jou verhouding met Jesus by talle geleenthede vergelyk met 'n intieme huweliksverhouding tussen 'n man en vrou. Dit is een waar julle mekaar innig liefhet en omgee vir mekaar. Dit is een waar julle mekaar op die hande dra en enigiets vir mekaar sal doen.

Die belangrike vraag is dan nou: “Hoe dien ek die Here?” Soos reeds gesien begin dit met die intieme verhouding met Hom. In só 'n verhouding gaan ek in die eerste plek my liefde teenoor Hom uitleef. Dit doen ek deur te doen wat Hy van my vra.

Dit beteken natuurlik dat ek my bes sal doen om nie sonde te doen nie. In 'n huwelik is daar nie plek vir 'n derde persoon nie. Sonde is die “derde persoon” in my verhouding met God. Dit beteken egter ook dat ek op 'n

positiewe en praktiese manier my liefde vir Hom bewys deur in liefde met my medemens te lewe en Sy Koninkryk op enige moontlike manier te probeer bevorder.
Gebed:
Here, ek wil in 'n ware verhouding met U leef. Ek het U lief Here!

# Ek is Onskuldig!

## Job 29-31

Ek het so pas 'n splinternuwe boek voltooi met die titel: “Vry soos die wind.” Dit is 'n nostalgiese terugblik oor “'n tyd lank, lank gelede” en dit handel oor my kinderjare waar ek die wonder van die natuur en die asemrowende skoonheid van die Waterval Boven omgewing opnuut herlewe. Jy sal jou waarskynlik kan vereenselwig met die stories in die boek, want dit was soos baie kinders daardie jare grootgeword het. Terwyl ek die boek geskryf het, het my gedagtes met groot heimwee baie ver teruggedwaal.

In hoofstuk 29 gaan Job se gedagtes ook met groot nostalgie terug na die tyd toe dit nog goed gegaan het met hom. “Kon dit maar weer met my gaan soos lank gelede, soos in die dae toe God nog sy hand oor my gehou het, toe sy lig beskermend oor my geskyn het en my pad in die donker verlig het. Dit was die beste jare van my lewe toe ek nog 'n vertroueling van God was.”

Dit is groot nostalgie! Dit was lekker tye. Job het nie die einde geken van sy voorspoed nie. Die teenwoordigheid van God kon Job elke dag aanvoel. Die gemeenskap het groot respek vir hom gehad. Hy het immers in die stadspoort gesit en die mense het na hom gestroom vir raad. Daar het hy talle male opgetree as regter in hofsake. Selfs die ou manne het eerbiedig opgestaan wanneer hy verbystap. Almal het net groot lof gehad vir Job want hy was 'n wyse man met groot aansien.

Wanneer dit by die armes kom en die weduwees en weeskinders, was Job die eerste een na wie hulle gegaan het want hy het altyd 'n oop hand en hart gehad vir almal wat swaarkry. Hy was 'n ware vader vir hulle. En soos wat hy die ou bekendes behandel het, het hy ook die vreemdeling wat na hom kom vir hulp behandel.

In kort: Job het 'n lewe gehad waaroor enige gelowige maar net kan droom!

Nou sug Job swaar: “Daarom het ek gedink:

ek sal eendag sonder sorge sterf in my eie huis.” (v. 18). Hy het gedroom daarvan om te wees “soos 'n boom met sy wortels by die water en elke môre dou op sy takke.” (v. 19)

Maar sy droom lê aan skerwe. In Job 30 snik hy: “Maar nou lag hulle vir my, mense wat jonger is as ek.” Hierdie man met aansien het nou die bespotting van die dorp geword. Alles het so verskriklik anders uitgedraai as wat Job gedroom het. Alles het in 'n aaklige nagmerrie verander. “En nou sing hulle liedjies oor my en word ek deur hulle bespot.”(v. 9)

Maar dit is nie alleen die mense wat hom so verskriklik verneder en hom beroof van al sy hoop nie. Job voel asof God nou presies dieselfde met hom doen.

In vers 20-23 praat Job direk met God. Hy beskuldig die Here: “Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie. Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie. U draai U teen my met U geweld, U val my aan met mag. U tel my op en laat die wind my

wegwaai, U ruk my heen en weer in U stormwind. Ek weet dat U my bestem vir die dood."

Harde woorde van Job teen God. Van die gespuis wat hom uitlag kan 'n mens sulke dinge verwag. Maar dat selfs God nou Sy rug op Job gedraai het, is vir hom skokkend en vernietigend. Sulke harde woorde sou jy nóóit van Job verwag het nie!

Al wat vir Job oorbly is 'n treurlied. Sy klaende hulpgeroep klink op van sy ashoop waar hy sy swere met 'n potskerf krap. Hy is eensaam. "Al broers wat ek het, is die jakkalse; al vriende wat ek het, volstruise." (v. 29) kerm hy. En so styg sy klaaglied op soos die jammerlike getjank van jakkalse en die eensame gebrul van volstruise.

"Al wat vir my oorbly, is 'n treurlied op die lier, 'n lied van trane op die fluit."(v. 31)

In die volgende hoofstuk beweeg Job se uitdaging aan God na 'n hoogtepunt. Hy is selfs uitdagend en vol selfvertroue wanneer hy die Here aanspreek en verklaar dat hy

beslis onskuldig is. Hy het nog nooit met begeerte gekyk na 'n mooi meisie nie. Valsheid en bedrog was nie deel van sy woordeskat nie. Nog nooit het hy geloer na sy buurman se vrou nie - dis immers 'n skande! Sy werknemers (slawe) het hy nog altyd net goed behandel. Hy het nog altyd 'n oop hand gehad vir armes. Hy is onskuldig, en as hy dan aan enige van hierdie dinge skuldig is, mag God maar sy arm afskeur!

Job gaan voort deur vir God te sê dat hy nog nooit sy vertroue op sy rykdom geplaas het nie. Geld was nooit by hom 'n kwessie nie. Dit sou neerkom op afgodery. Nee, hy het ál sy vertroue op God alleen geplaas.

Job gaan verder deur te ontken dat hy hom ooit verlekker het in sy vyande se ongeluk. By hom is daar géén vyandshaat nie. Boonop is daar ook nie so 'n ding soos skynvroomheid of skynheiligheid by hom nie.

Al verstaan Job God gladnie, vertrou hy Hom steeds as die Regverdige en Alwetende. Sy verhouding met God is eerlik, soveel só dat

hy selfs vir God kan uitdaag!

Job vra nie van God om sy ou lewe en rykdom terug te kry nie. Al wat hy vra is dat sy verhouding met God herstel kan word. Dit gaan met ander woorde vir hom nie om Job nie maar om God. Kan jy dieselfde sê?

Gebed:

Here, herstel asseblief vandag my gebroke verhouding met U.

## Elihu die Regter

## Job 32-33

In hoofstuk 31 het Job sy saak voor God gestel en vir 'n hofsaak gevra. En toe skielik kry hy die regter waarvoor hy gevra het. Dit was egter nie die regter wat hy in gedagte gehad het nie, want hierdie een is 'n vierde vriend wat skielik toetree tot die gesprek. Hy kry sommer 'n lang spreekbeurt, maar daarmee is dit ook verby want vir die res van die boek word hy geïgnoreer. Sy naam is Elihu wat beteken: “Hy is my God.” Uit sy stamboom kom jy agter dat hy uit 'n gerespekteerde Joodse familie kom.

Elihu herhaal basies die argumente van die ander drie vriende maar hy fokus ook sterk op die gedagte van lyding as opvoedingstugtiging.

Elihu is kwaad vir Job omdat hy bly volhou dat hy onskuldig is. Terselfdertyd is hy kwaad vir Job se ander vriende want hulle het dinge beslis nie reg hanteer nie. Hulle moes prontuit vir hom gesê het dat hy skuldig is!

Elihu was maar die hele tyd daar, maar hy het stilgebly uit respek vir hulle ouderdom. Hy is heelwat jonger as hulle. Hy het gedink dat daar wysheid uit hulle grysheid sou kom maar hy was verkeerd. Nou kan hy nie langer stilbly nie. Hy moet Job kaalkop die waarheid vertel.

Dit kook letterlik in Elihu wanneer hy vir Job oor sy seer vingers tik. Hy is 'n opgeblase, selfaangestelde wysgeer-regter, propvol arrogansie en bitter onvoorspelbaar.

Alhoewel Job baie ouer is as hy, is Elihu die enigste van die vier wat Job direk oneerbiedig op die naam aanspreek. Dit is natuurlik ook tipies van die meeste jongmense vandag. Vir ouer mense het hulle geen respek nie.

Elihu neem nou as't ware God se rol oor wanneer hy hom in 'n “hofsaak” aankla. “Die Gees van God het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee. Antwoord my as jy kan, maak jou klaar om my teë te staan. Voor God is ek en jy

gelyk."(Job 33:4-6). So blatant tree sy grootheidswaan na vore. Tragies/komies is hy nie eers hiervan bewus nie.

Elihu beskuldig Job daarvan dat hy beslis verkeerd en skuldig is en dat God onskuldig is. Hy het Job immers sélf hoor sê: "Ek is onskuldig, ek het nie oortree nie, ek is rein, ek het nie gesondig nie." Hoe kan Job so arrogant wees?

Eintlik doen Elihu presies wat dikwels in die media gebeur en verdraai hy Job se woorde sodat die betekenis totaal verander. Hy wil voorgee dat Job meen dat hy sondeloos is. Job het dit egter nooit so bedoel nie want géén mens kan sondeloos wees nie. Job het in 7:21 asook 13:26 ruiterlik erken dat hy sonde gedoen het. Daar word dus 'n karikatuur van Job geskets, 'n vals beeld van wie Job waarlik is. Dan word hy meedoënloos aangeval.

Elihu hoor net wat hy wil hoor. Ek ondervind dit dikwels dat mense 'n enkele woordjie van wat jy gesê het neem en dan sodoende jou

woorde 'n totale ander betekenis gee. Ons doen dit dikwels ook met die Bybel. As jy nie 'n gedeelte in sy konteks lees nie kan jy baie maklik 'n totaal ander betekenis daaraan heg. 'n Bekende voorbeeld is die sinnetjie uit Prediker 8:15 “Daar is niks beter vir die mens in hierdie wereld as dat hy eet en drink en vrolik is......” Op sy eie is dit heeltemal uit verband geruk en kry dit 'n totaal ander betekenis as wat die Prediker bedoel het. In 1 Kor. 15:32 word hierdie spreuk in perspektief gestel.

“Waarom beskuldig jy vir God? Hy hoef nie vir jou rekenskap te gee van sy dade nie.” vra Elihu vir Job (v. 13). Dit is arrogant en lewensgevaarlik vir 'n skuldige mens soos Job om van die Hoë God rekenskap te eis. Hiermee sien ons duidelik wat Elihu se voorstelling van God is, dat Hy so hoog en verhewe is dat Hy nie met mense, veral sondige mense sal praat nie.

Tóg sê Elihu net in die volgende versie (Job 33:14) dat God tóg wel op verskeie maniere

met mense praat, soos byvoorbeeld in drome en visioene. Hy kan ook met jou praat deur ernstige siekte, veral wanneer jy reeds met die een voet in die graf staan.

Inderdaad is Elihu heeltemal korrek, dat God dikwels mense aanspreek deur swaarkry of siekte. Sulke dinge kan jou louter en selfs uit jou sonde ruk om jou na God toe te trek. Dit het ek al menigmaal gesien. Lyding maak beslis van 'n gelowige 'n ryper mens. Dit is egter gladnie in Elihu en sy maters se gedagtes nie want hulle oorweeg nie eers die moontlikheid dat 'n regverdige mens sal swaarkry nie.

Vandag soek ons steeds vir oorsake agter elke pyn en lyding. Ons wil God se straf op die een of ander sonde daarin sien. Dit is bloot simplisties!

Elihu se raad aan Job is dat hy voor almal moet erken dat hy skuldig is en gesondig het. Dan sal God hom vergewe en weer herstel. Op hierdie slinkse manier probeer Elihu 'n skulderkenning uit Job pers.

As gelowiges moet ons in ons pasoppens bly dat ons nie dalk ook regter wil speel oor iemand nie. Dit doen ons tog so maklik, en dan maak ons dikwels presies dieselfde blatante foute as Elihu.

Gebed:

Here, laat my asseblief altyd eers die balk in my eie oog raaksien voordat ek oor iemand anders wil oordeel. Die oordeel kom U immers alleen toe.

## Job voor die Jurie

## Job 34-35

Elihu wend hom nou tot 'n Jurie waar dit wil voorkom asof hy beide Regter en Aanklaer is. Hy spreek die Jurie baie vleiend aan. Hulle word opgehemel as die wyses en kundiges onder die gemeenskap. In sy openingswoorde haal hy 'n spreuk aan wat Job vroeër gebruik het (Job 12:11). "Die oor toets woorde soos die verhemelte kos proe." As wyse manne moet hulle dus saam Job se saak toets.

Elihu vind Job egter al by voorbaat skuldig nog lank voordat hulle sy saak aangehoor het. Elihu gooi die eerste beskuldiging voor die Jurie: "Job het gesê: 'Ek is onskuldig, maar God laat nie aan my reg geskied nie. Al het ek die reg aan my kant, word ek vir 'n leuenaar gehou. Al is ek nie skuldig nie, is ek dodelik getref." As dit nou nie laster in die ergste graad is nie, dan weet Elihu darem nie so mooi nie. Job is skuldig! Uit en gedaan!

Met Job wat nou klaar skuldig is, kan die

“hofsaak” dus maar begin. (Dit is mos hoe jy 'n hofsaak hou, is dit nie?). Elihu begin sy betoog deur eers weer die Jurie goed met die heuningkwas by te kom. “Maar luister na my, julle wat alles verstaan!” (v. 10). Hulle is mos almal wyse manne!

Dan beskryf hy vir hulle in baie mooi woorde dat God tog immers nooit 'n oordeelsfout kan maak nie. Dit is vir Hom onmoontlik om iets verkeerd te doen. Heeltemal reg tot so ver. Maar dan kom die vergeldingsdogma weer in: “Hy straf die mens net vir wat hy doen, Hy laat hom maar net kry wat hy verdien.”

As Elihu reg is met hierdie stelling sal géén mens vir 'n oomblik kan bly lewe nie. In Romeine 3:23 skryf Paulus: “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie”. Romeine 6:23 beskryf die gevolge: “Die loon wat die sonde gee, is die dood”. Die vraag is egter of Elihu homself dan as regverdig kan beskou? Jakobus 2:10 sê baie duidelik: “As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy

skuldig ten opsigte van al die gebooie." Moenie my sê dat hierdie "Regter" Elihu nog nooit gestruikel het nie! Om die waarheid te sê, staan hierdie ganse Jurie vir wie Elihu so pas so opgehemel het skuldig voor God. En selfs al was hulle almal manne wat die Wet noukeurig nagekom het, was dit puur verniet volgens Romeine 3:20, want "geen mens word op grond van wetsonder-houding deur God vrygespreek nie".

Elihu gaan egter voort om te sê dat hierdie straf in die openbaar gebeur: "Waar almal dit kan sien, straf Hy hulle vir hulle goddeloosheid." Hiermee wil Elihu insinueer dat Job juis hier op sy ashoop sy straf moet ontvang, hier waar almal dit kan aanskou.

Uiteindelik basuin Elihu dit uit teen Job: "Maar Job moet end-uit getoets word, want sy argumente is dié van die goddelose mense. Hy hoop sonde op sonde, hier tussen ons verlustig hy hom daarin, hou hy aan met praat teen God."

Dankie tóg vir die wonderlike hoop en

beloftes wat ons in die Nuwe Testament kry. Hier leer ons God ken, nie as die Een wat straf nie maar die God van liefde en genade.

In Romeine 5:8 skryf Paulus: “Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” Jesus het in ons plek gesterf, namens ons die straf gedra. 2 Korintiërs 5:21 lui: “God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons deur God vrygespreek kan wees.”

Die baie bekende Johannes 3:16 stel dit onomwonde dat “dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.” Romeine 3:23 verdoem nie net nie maar gee die bemoediging: “Hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing in Jesus Christus. Romeine 6:23 sê: “Die loon wat die sonde gee is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”

Wat beteken dit alles? Eenvoudig: Glo in

 **Terug na INHOUD**

Jesus as jou Verlosser. Om te glo beteken om in 'n lewendige verhouding met Hom te staan. 1 Johannes 5:12 spel dit uit: “Wie die Seun het, het die lewe.” So ook Johannes 5:24: “Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe.” 1 Johannes 5:13 plaas die stempel: “sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.”

Hier is egter 'n paar ernstige vrae. Beteken dit nou dat as jy maar net in Jesus glo, dan kan jy maar doen wat jy wil? Dan kan jy jou mos maar verlustig in die sonde?

Nee, dit werk nie so nie. Om te glo beteken 'n verhouding met Jesus en in 'n verhouding probeer jy om alles te doen wat die ander Persoon in die verhouding sal gelukkig maak. So behoort dit te werk in 'n huwelik, en so werk dit ook met jou verhouding met God.

Dit is juis omdat Job in so 'n hegte verhouding met God was dat hy openlik met die Here kon praat en Hom selfs bevraagteken. Inderdaad het hy steeds al die

nodige respek vir God gehad, maar hy kon met al sy laste na God gaan en dit met Hom bespreek.

Gebed:

Here, dankie dat ek U kon leer ken as 'n God van liefde en genade en omgee en dat U in 'n verhouding met my wil wees.

## Verstaan Jy God?

## Job 36-37

Elihu sluit sy betoog af deur steeds vir God te probeer verdedig. Maar voor hy daarby kom wil hy homself eers verdedig, en weereens oorskry sy arrogansie alle perke. Hy gaan haal sy kennis baie ver. Sy kennis kom van God af. “Wat ek sê, is nie versinsels nie. Ek weet wat ek praat!” Hierdie is baie arrogante woorde want hiermee sinspeel Elihu dat hy volkome kennis het soos wat alleen God kan hê. Hy eien homself dus Goddelike kennis en status toe!

Ons samelewing wemel van sulke klein “godjies” wat dink dat hulle die wysheid in pag het. Inderdaad dink Elihu dat hy baie slim is, só slim dat hy God kan verstaan. Aan die een kant beskryf hy die almag van God en Sy grootheid wat onbeskryflik en onbegryplik is. “Wie kan 'n mens tot insig bring soos Hy? Wie kan van Hom rekenskap eis oor sy dade?” Ons kan nie aan God voorskryf wat Hy moet en nie moet doen nie.

 Terug na INHOUD

Daar kry Elihu 100%.

Maar nét in die volgende sin wil hy vir God voorskryf hoe Hy moet handel met Goddelose mense en hulle uitdelg. Hulle gaan jonk dood en hulle beleef géén voorspoed nie (werklik?) En die regverdiges? “As hulle luister en Hom dien, sal hulle hulle dae in voorspoed deurbring, hulle jare in welvaart.” Elihu kan maar net nie ophou om te bly karring aan die vergeldingsdogma nie. Hy wil dinge aan God toedig wat nie is nie.

Wanneer 'n mens dit doen, dan maak jy in werklikheid 'n afgod van God. Dit is dalk baie kras gestel, maar dikwels maak ons vir ons beelde van God, en dan stel ons Hom totaal anders voor as Wie Hy werklik is.

Het ons nie maar almal as kinders vir ons 'n beeld geskep van hoe God lyk nie? Ons wil Iemand sien en die prentjie wat gewoonlik geskets word is een van 'n Ou Man met 'n spierwit baard. Die feit is dat niemand weet hoe God lyk nie. God is Gees. Hoe kan ons Hom dan beskryf? Inderdaad het Hy Homself


**Terug na INHOUD**

aan ons kom openbaar in Jesus toe Hy na die aarde neergedaal het as 'n Mens. Vandag weet ons egter nie eers hoe Jesus gelyk het nie. Ons kan maar net raai.

In hoofstuk 37:1 beskryf Elihu vir God: “Dan begin ek bewe en gaan my hart aan die ruk. Hoor hoe bulder die stem van God, hoe dreun dit uit sy mond!  Hy laat dit losbreek in die hemelruim, Hy laat dit blits tot by die uithoeke van die wêreld, en dan kom die donderslag. God laat sy magtige stem hoor, Hy stuur die onweer in volle krag wanneer Hy sy stem laat hoor.” Hy beskryf dus vir God as Iemand wat jou laat inmekaar krimp van angs. Die God van straf.

In 1 Konings 19 lees ons die verhaal van Elia wat voor God moet verskyn. In vers 11 word vertel van die sterk wind wat die berg stukkend geruk het, die aardbewing en daarna die vuur. Maar dit was nie die Here nie. God het na Elia gekom in “'n fluistering in die windstilte.”(1 Kon. 19:12).

Elihu begin nou spoed optel en hy beskryf

die wonderdade van God. Hy sien egter in alles slegs die negatiewe. Hy praat van die stortreëns wat getuig van sy krag. Die diere moet skuiling soek. Die stormwind en die yswinde wat koue bring en die groot waters vries. Hy stuur sy weerligte in die wolke in. Hy laat die wolke in die rondte maal.

Hierdie is alles dinge wat jou bang maak. En dan spreek hy vir Job aan: “Luister hierna, Job, staan stil en dink na oor die wonderdade van God.” Hierdie dinge moet die arme Job met vrees vervul vir God.

Elihu sluit sy betoog af met die woorde: “Ons kan by die Almagtige nie kom nie, Sy krag is groot. Hy laat reg en geregtigheid geskied, Hy verdruk niemand nie. Daarom dien die mense Hom, en sien Hy nie dié raak wat dink dat hulle wysheid het nie.”

Hoe tragies! Hier is 'n briljante spreker wat met mooi beeldspraak en vurige beskrywings 'n beeld van God skep. Maar hy het 'n swak argument. Met kleurvolle woorde en 'n heethoofdige argument kom hy net mooi

nêrens want sy argumente maak nie sin nie. “Ons kan by die Almagtige nie kom nie,” sê hy, maar in dieselfde asem: “Hy verdruk niemand nie.” Hoe rym dit? Ons kan nie by God kom nie, maar almal is tog by Hom welkom?

Genadiglik is Elihu se betoog verby en dan gryp die Almagtige God persoonlik in om die saak uit te klaar. Maar hieroor gaan ons in die volgende dagstukkie berig.

Die vraag is: Hoe ervaar jy vir God? Is Hy die Een vir Wie jy bang is? Beleef jy Hom in die donderweer en storms en aardbewings soos Elihu? Of ervaar jy Hom eerder soos Elia in die fluistering in die windstilte?

In gister se dagstukkie het ons baie duidelik gesien dat God liefde en genade is. Hy is die Een wat die wêreld so liefhet dat Hy Sy Seun gegee het. Let wel: die wêreld, en daarmee sluit dit almal in, goeies sowel as slegtes. As Hy Jesus slegs vir die goeies gegee het sou ek nie 'n kans gestaan het om die saligheid te kon bekom nie. Maar ja, Hy het selfs vir

my lief! En daarom is al Elihu se argumente futiel en nikseggend!

Gebed:

Here, dankie dat U doodgewone sondige mense soos ek liefhet en dat U nie straf nie maar genade betoon.

## God Aan die Woord

## Job 38:1-14

Hoe kry jy iemand wat histeries is uit sy verskrikking? Om mooi te praat en te probeer kalmeer, is dikwels gladnie die antwoord nie. Die persoon luister net eenvoudig nie en sy histerie raak net erger en erger. Soms is die enigste antwoord om die persoon 'n harde klap in die gesig te gee. Nie omdat jy vir hom kwaad is nie, maar juis omdat jy vir hom omgee en hom uit sy histerie wil red. Die skok van die klap is gewoonlik genoeg om hom uit sy histerie te ruk.

In die vorige dagstukkie het ons gesien dat God nie die God van storms en donder en aardbewings is nie, maar juis die Een wat in die kalmte van die aandwindjie na jou kom. Dit is dus 'n verrassing as ons sien dat God die stilte met Job verbreek deur hom aan te spreek in 'n stormwind.

Dit was egter baie nodig, want op hierdie stadium was Job so verward deur sy vriende asook sy eie emosies, dat hy God nooit eers

sou herken in 'n aandluggie nie. Job het daardie geestelike “klap” nodig gehad om hom terug te ruk na die werklikheid.

“Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie?” Harde woorde van God! Maar inderdaad is dit tóg die Almagtige, verhewe God wat neerdaal tot die vlak van Job om met hom te praat, om bemoeienis met hom te maak.

In die vorige dagstukkie het Elihu verklaar dat God te hoog en verhewe is om Hom met die eenvoudige en sondige Job se dinge te bemoei. Hy sal beslis nié verskyn nie! En eensklaps is God daar!

Twee dinge merk ons dadelik op: Eerstens vind God nie vir Job skuldig soos sy vier vriende gedoen het of soos hulle voorspel het dat God sou doen nie. Tweedens reageer God ook gladnie op al Job se aantygings teen Hom nie. As iemand 'n spul aantygings voor my gooi wat ek wéét beslis onwaar is, gaan my eerste reaksie wees om myself te

verdedig. Ek gaan vir hom in géén onduidelike taal verduidelik dat hy my onnodig beskuldig en dat ek beslis onskuldig is. Dit is 'n menslike reaksie.

Wat is die Goddelike reaksie? Soos 'n goeie Leermeester wat sy leerling onderrig oor sake wat hy gladnie verstaan nie, kom die Here en Hy begin Job leer waaroor dit alles gaan. God se hele rede is deurspek van retoriese vrae – vrae waarvoor Hy nie antwoorde soek nie, maar wat bedoel is om Job tot sy sinne te ruk en baie diep te laat dink. Deur hierdie retoriese vrae wil God Job se volslae onkunde in Sy verborge raad ontbloot.

Job moet tot die besef kom dat hy nie rêrag geweet het waarvan hy praat toe hy God se aksies bevraagteken het nie. Hy word dus so half-en-half in die bek geruk en op sy plek gesit. God doen dit, nie om hierdeur vir Job skuldig te bevind nie, maar bloot omdat hy dit durf waag het om God as sy gelyke te bevraagteken.

“Maak jou reg vir die stryd Job! Ek sal vra, antwoord jy My.” Hierdie slag is dit nie meer Job wat die vrae vra nie, maar God. Deur die afgelope klompie hoofstukke wou Job weet waarom die Here so onregverdig is? Waarom is dit dan die Goddeloses wat in voorspoed lewe? Waarom moes hy, Job die regverdige so baie ly? Waarom moes elke ongeluk wat daar moontlik is hom tref? Nou keer God die gesprek om. Job moet antwoord en Hy sal die vrae vra. Op elke vraag wat God vra, ken Job die antwoord. Maar dit moet weer 'n slag ingehamer word sodat Job opnuut die antwoord sal besef en dit deel van sy lewe sal maak. Job het al begin vergeet wat die Here alles doen. Nou moet hy van voor af weer leer.

Met vers 2: “Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom....” word die verhouding tussen God en Job nou weerspieël, waar God die Alwyse Leermeester is en Job die onbegrypende, opstandige leerling. Dit gaan 'n woordestryd wees, en Job moet hom regmaak om die

slae te kan vat soos 'n man soos in 'n stoeigeveg.

God begin deur vir Job so 'n ietsie te laat verstaan oor die skepping van die aarde: “Waar was jy toe Ek die aarde se fondamente gelê het? Praat as jy die antwoord het.” (Job 38:4).

Nee, en natuurlik het Job gladnie die antwoord nie. Hy wil God bevraagteken, maar hy weet nie eers wat gebeur het toe die aarde geskep is nie. Vandag het baie wetenskaplikes eenvoudige antwoorde oor hoe die aarde ontstaan het. In 'n paar kort sinnetjies wil hulle vir jou beskryf presies hoe dit gebeur het. Die feit is egter dat niemand daar was toe dit gebeur het nie. Al die mens se beste redenasies kom nie eers naastenby by die ware gebeure nie. Alles is suiwer teorieë.

“Wie het hom aanmekaargesit daardie oggend toe die sterre saamgesing het en al die hemelinge gejubel het?” vra die Here vir Job. “Wie het die see opgedam toe hy begin

uitborrel het?" En dan gee God vir hom die antwoord: "Ek het hom met wolke bedek, hom met donkerte toegemaak. Ek het vir hom perke gestel, hom agter slot en grendel gesit. Ek het gesê: 'Tot hiertoe mag jy kom, nie verder nie; hier is die grens van jou magtige golwe."

Die vraag is of ek en jy ooit nog met verwondering na die "alledaagse" skepping kyk en net ons hande saamslaan. God is groot! Hy is Almagtig! Sy skepping is asemrowend.

Gebed:

Here ek is in volslae verwondering oor die grootheid van U skepping.

## Die Misterie van die Skepping

## Job 38:15-38

God vra vir Job of hy weet hoe die skepping gebeur het. Natuurlik weet Job nie. Nou laat die Here Job besef dat hy nie eers die “bekende” deel van die skepping ken nie. “Het jy, Job, al gekom by die plek waar die seewater uitborrel, en rondgestap op die bodem van die diepsee?”

Nou begin dit nader na ons moderne mens toe kom. “Maar natuurlik het ons al op die seebodem rondgestap!” sou jy kon sê. Werklik? Inderdaad het ons al baie dele van die see verken. Die see bly egter vir ons 'n totale onbekende faktor, want daar is onmeetlike areas van die seebodem wat nog geheel onontdek en onbekend is. In die diepste kanale van die seebodem was daar nog nooit iemand nie. Dit is eintlik ironies dat die mens baie meer weet van die buitenste ruimte as van die diepsee.

Hierdie feit word elke keer beklemtoon wanneer 'n vliegtuig oor die see vermis raak.

 Terug na INHOUD

Daar word dikwels maande lank gesoek voordat enige teken van die vliegtuig gevind word, en soms gebeur dit dat hy net nooit opgespoor word nie of dalk dekades later eers toevallig ontdek word.

Elke ekspedisie na die diepsee is ook vir die wetenskaplikes 'n reuse avontuur want met elke tog word daar splinternuwe verstommende seekreature ontdek wat niemand nog ooit voorheen gesien het nie. Reuse seemonsters skuil in die pikdonker dieptes, gediertes wat jou asem laat wegslaan van verwondering.

Wanneer jy afsak in daardie yskoue duister wêreld, mag dit dalk vir jou voel asof jy afsak na die doderyk. “Het jy die ingang van die doderyk gesien, die plek van donkerte al bekyk?” vra die Here vir Job. Die mense van daardie tyd het geglo dat die doderyk iewers onder die aarde is en dat dit pikdonker is. Dit is nie 'n plek waar jy wil wees nie!

Job is mos baie slim. Dit is met 'n tikkie sarkasme wat die Here die opmerking maak:

“Jy moet dit weet, jy wat maak of jy toe al gebore was, of jy 'n lang lewe agter die rug het.” Kan Job die donkerte beheer? Het hy enige beheer oor die lig? Job se groot onkunde word ingevryf. Hy moet besef dat hy absoluut niks weet nie en dat hy dus géén reg het om God te bevraagteken nie.

Die Here wil egter die punt baie goed invryf: “Was jy al by die plek waar die sneeu gebêre word?” Ag, maar natuurlik weet ons vandag presies waar sneeu vandaan kom! Ons weet wat die weersomstandighede moet wees sodat dit kan vorm. Maar het ons met al ons moderne kennis enige beheer daaroor? Daar is die magtige Amerika die afgelope paar dae totaal lamgelê deur “eenvoudige” sneeustorms. Groot dele van hierdie magtige tegnologies-gevorderde nasie is totaal afgesny van die res van die wêreld as gevolg van sneeustorms waaroor hulle geen beheer het nie.

“Maar ons kan al reën maak!” wil jy protesteer. “Ons bestuif wolke en dan reën

dit." Nè? As die regte wolke nie daar is nie kan jy bestuif tot jy blou word en daar sal nie 'n druppeltjie val nie. En kry jy die regte wolk en jy betaal 'n plaas se prys om dit te laat bestuif, dan is die moontlikheid steeds daar dat die reënbui dalk op jou buurman se plaas gaan uitsak, en moontlik op 'n tyd wanneer hy juis nie reën wou hê nie. Dan sit jy nog met moeilikheid met jou buurman! Ja, selfs die slimstes van ons is steeds nie altyd so vreeslik slim nie! Ons mag dalk weerverskynsels tot 'n mate kan voorspel, maar ons het absoluut géén beheer oor die elemente nie.

Maar God se almag strek veel verder as net die elemente. "Sou jy die Sewester met 'n band kon vasknoop of die band van Orion kon losmaak? Kan jy die sterre op hulle tyd laat opkom, kan jy die Beer met sy kleintjies laat uitkom? Weet jy hoe die hemelliggame werk?" Sterrekundiges is baie gou om vir jou te sê dat hulle die sterre baie goed verstaan. Maar dan is baie van hulle "kennis" ook maar net teorieë, berekende raaiskote. Hulle het

nou so pas, na al die jare 'n nuwe reuse planeet in ons sonnestelsel ontdek. Nee, nog nie gesien nie, maar hulle dink hy is daar! Oor baie dinge raai hulle maar net. Niemand het eers sekerheid oor hoe presies swaartekrag werk nie. Hulle vermoed dat daar 'n “donker stof” is wat die hemelruim vul en dat daar moontlik baie meer as een heelal is en dat ons vyftienbiljoen-ligjaar groot heelal dalk slegs 'n spikkeltjie in 'n “multiverse” is. Skrikwekkend!

Selfs oor die eenvoudige diere het ons maar net beperkte kennis. Hoe weet die Ibis dat daar reën aan die kom is? Hoe weet die haan dat die dag gaan breek? Hoe weet 'n wewer om sy nes te bou? Wie leer hom dit? Hoe weet 'n klein voëltjie met die verstand so groot soos 'n ertjie om sy pad te vind van Siberië tot in Suid-Afrika? Ons probeer dit verklaar maar dis alles net teorieë.

Hoe bitter klein is ons kennis van God en Sy wonderlike skepping nie! Al wat ons kan doen is om ons hande in verwondering saam

te slaan. Ons kan dit met ons beste kennis nie namaak of ten volle verklaar nie. Al wat ons kan doen is om te erken dat daar slegs een oorsprong kan wees, en dit is dat die Almagtige God alles met groot wysheid geskep het. Hoe, weet ons nie. Maar ons gee Hom al die eer.

Gebed:

Here, U asemrowende skepping vervul my met groot verwondering. Ek kan maar net erken dat absoluut niks aan toeval oorgelaat was nie maar dat U alles meesterlik beplan het.

## Wildedonkies en Buffels

## Job 39

“Kan jy vir 'n leeu sy prooi vang? Kan jy vir hom genoeg gee om te eet wanneer hy in sy skuilplek gereed lê, op die loer lê agter 'n bos? Wie gee vir 'n kraai die kos wat hy nodig het wanneer sy kleintjies om hulp roep na God, rondskarrel vir iets om te eet?”

'n Leeu vul enige mens met vrees. Ek het al menigmaal met groot ontsag in die Bos gesit en luister na die brul van 'n leeu. En as hy die slag naby is, hardloop die koue rillings agter jou ruggraat af. Veeboere in leeuwêreld sal enigiets doen om 'n leeu te verdryf as hy dit tussen sy beeste sou waag. Hy is 'n wrede en gevaarlike vleisvreter en hy sal enigiets aanval as hy honger is. Boonop is hy so skelm soos 'n kat wanneer hy iets bekruip of op die loer lê na prooi.

Die kraai, aan die ander kant, is óók 'n vleisvreter. Hy is egter maar 'n relatief delikate voël as jy hom met 'n leeu sou vergelyk. Niemand is bang vir 'n kraai nie en

hy moet dikwels maar veg om oorlewing wanneer dit by kos kom. Hy is ook nou nie juis een van ons geliefde voëltjies nie. Dikwels word hy verag deur mense.

God sorg vir die vreesaanjaende, forse leeu. Hy gee vir hom sy prooi en sorg dat die magtige leeu genoeg het om te eet. God sorg ook vir die delikate, veragtelike kraai en veral vir haar hulpelose, weerlose kleintjies wanneer hulle "om hulp roep na God."

Hierin is ook 'n les vir ons opgesluit. As die Here dan sorg vir vreesaanjaende en veragtelike diere, hoeveel te meer sorg Hy dan nie vir ons, Sy kinders nie? As Hy sorg vir hulle wat nie eers 'n siel het nie, hoeveel te meer ons wat gemaak is na Sy beeld? Hy is die liefdevolle Hemelse Vader wat sorg vir Sy kinders.

"Ken jy die tyd wanneer die klipspringers lam?" (v. 4)

Die "Klipspringers" waarna hier verwys word is die skugter Nubiese Ibeks of bergskaap wat vandag nog in die berge van Koemraan

en Engedi voorkom. 'n Herder sal sy skape pamperlang in lamtyd en help wanneer hulle lam. Die wildsbokke moet egter maar alleen regkom in 'n onherbergsame woestynwêreld wat wemel van ongediertes op soek na sappige lamsvleis. Daarom moet die klein lammertjies bitter vinnig selfstandig raak om te kan oorleef. Tóg hou die Goeie Herder stilweg wag oor hierdie weerlose ou kleintjies.

“Wie gee aan die wildedonkie sy vryheid en laat hom ongebonde vryloop?”(v. 8)

Die wildedonkie is veral bekend vir hulle ongebondenheid, om in vryheid te loop waar hulle wil. Dít in skrille teenstelling met mak donkies wat geharnas word en lasdiere is, gewoonlik totaal teen hulle wil. Boonop moet hulle nog tevrede wees om in die gewoel van stede of dorpe te bly, ver van die vryheid van die oop veld. Wilde donkies kom veral voor op die wye oop soutvlaktes in die Jordaanvallei suid van die Dooie See. As hy die dag groenigheid nodig het, gaan soek hy

dit in die berge. God gee vir hom die vryheid en sy vrye temperament. En God sorg vir hom en gee hom sy oop veld.

“Sal die buffel gewillig wees om vir jou te werk?” vra die Here vir Job. Ek ken 'n buffel! En ek weet genoeg van hom af om te sorg dat ek ver van hom af wegbly. Vriend Dawid Pieterse het hom eenmaal in 'n norse ou buffelbul vasgeloop in Marloth Park. Dawid het sleg tweedebeste daarvan afgekom! Hy is wild. Hy is onbeskof. Hy is omgesukkel! Jy tem hom nie!

God noem die buffel in dieselfde asem as die wildedonkie en die  klipspringer. Hy is nét so wild as hulle. Hy vreet nie in 'n krip soos 'n bees of donkie nie. Hy trek nie 'n wa nie en jy span hom beslis nie in om te ploeg nie. Jy het sekerlik al die video gesien van die omgesukkelde buffel wat die magtige leeu soos 'n vrot vel die lug inslinger?

God het die buffel nie alleen sy brute krag gegee nie maar ook daardie manjifieke stel horings en sy doodsgevaarlike temperament.

 **Terug na INHOUD**

Géén mens is hierdie trotse dier se baas nie, alleen God is!

Die Here gaan voort en Hy beskryf vir Job van die manjifieke wilde volstruis. Alhoewel hy byna nie eers 'n brein het nie, hardloop hierdie voël vinniger as 'n perd. Hy beskryf die trotse perd wat onverskrokke met sy ruiter in die oorlogsgeraas inry sonder om terug te deins. En Hy beskryf die valk wat met duiselingwekkende spoed deur die lug klief en die aasvoël wat hoog, hoog in die lug tussen die wolke sweef.

“Wil jy 'n saak maak teen die Almagtige en Hom bestraf? Wil jy vir God teregwys? Antwoord Hom dan!” vra God.

“Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liewer stilbly.” Job is stomgeslaan.

Ek is vanoggend ook opnuut stomgeslaan wanneer ek hierdie gedeelte lees. Wat kan ek sê? Met hierdie gedeelte het die Here my met volslae verwondering gevul, want die natuur is onbeskryflik en onverstaanbaar.

Wilde diere laat my hart vinnig klop, of hulle nou groot of klein is. Ek en Mosbolletjie sit dikwels oopmond en staar na 'n eenvoudige voëltjie. Ons God is groot!

Gebed:

Ek val vanoggend opnuut in verwondering voor U neer wanneer ek aan die maaksels van U hande dink.

## Die Seekoei en die Krokodil

## Job 40-41

Job laat sy kop in skaamte sak: “Ek sal liewer stilbly.” (Job 39:37). Hy voel hy kan sy tong afbyt omdat hy die Almagtige God se handelinge bevraagteken het. Wie is hy, armsalige Job om van die Here verduidelikings te eis?

Maar God is nog gladnie klaar met Job nie. “Maak jou reg vir die stryd: Ek sal vra, antwoord jy My.” Vir 'n tweede keer moet Job 'n reeks vrae aanhoor. Hy moet antwoorde probeer gee, maar hy ken nie die antwoorde nie!

“Wil jy my beslissing tot niet maak? Wil jy My skuldig verklaar sodat jy vrygespreek kan word? Het jy die mag wat Ek het?” Bitter harde woorde, maar dit is inderdaad wat Job probeer doen het. Het jy dit nie dalk ook al gedoen nie? Job het nie direk vir God probeer skuldig maak nie, maar sy tergende vrae het die implikasie gehad dat hy die Almagtige beskuldig het. Ek het self ook al

gevra: “Kon die Here nie maar........” wat impliseer dat God 'n fout gemaak het.

God se harde woorde is nie gemik op 'n bepaalde sonde wat Job iewers in die verlede gepleeg het, soos wat sy vriende voor sy deur gegooi het nie. Job veg egter so hard om sy eie onskuld te probeer bewys dat hy in die proses vir God skuldig verklaar. Job het as't ware God probeer speel.

“Tree dan op met jou trots en jou groot mag, handel in jou majesteit en heerlikheid. Laat brand dan jou gloeiende toorn, sien elke trotsaard raak en sit hom op sy plek, sien elke trotsaard raak en verneder hom, trap die goddeloses plat. Begrawe hulle almal, lê hulle weg in die graf. Dan sal Ek teenoor jou erken dat jy jou deur jou eie mag kan red.” So daag God vir Job uit. As hy dan dink dat hy so hoogheilig is, moet hy al die goddeloses uitdelg! Waarom gryp hy nie self in nie?

Job se kop sak al laer. Hy voel bitter skaam.

Net wanneer Job dink dat God se toorn hom

gaan tref, begin God verder verduidelik van die wonder en asemrowende grootheid van Sy volmaakte skepping: “Kyk die seekoei: Ek het hom gemaak toe Ek jou gemaak het.” Hierdie manjifieke dier word deur jagters beskou as die gevaarlikste van al die diere in Afrika. Hy mag dalk op die oog af vet en potsierlik lyk, maar hy is so byna twee ton van brute krag en tande wat 'n krokodil middeldeur kan byt. Hy stuit vir géén mens nie. Tóg vreet hy gras soos 'n koei en hy word in dieselfde asem as die brose Job genoem. Boonop is hy ondergeskik aan sy Maker.

“Kan jy 'n krokodil met 'n hoek vang of hom 'n tou in die bek sit?” vra die Here verder vir Job. Ja, die krokodil is slinks, sterk en uiters gevaarlik. Hy is waarskynlik verantwoordelik vir die meeste sterftes as gevolg van wilde diere in Afrika. Meeste van sy slagoffers verdwyn net eenvoudig en word nooit weer gevind nie. “Sal jy hom kan mak maak soos 'n voëltjie of kan jy hom met 'n lyn vasmaak

vir jou dogtertjies?” Dis lagwekkend, om die minste te sê! Almal is doodbang vir krokodille. Wie sou óóit daarvan droom om 'n krokodil as lieftallige troeteldier aan te hou? Dis absurd! “Pak hom gerus met kaal hande: jy sal die geveg onthou, jy sal nie weer probeer nie.” waarsku God vir Job.

Dan berispe Hy weer vir Job omdat hy die Here probeer aanvat het: “Wie wil dan nog teen Mý standhou? Wie wil aan Mý eise stel dat Ek iets aan hom verskuldig is? Alles onder die hemel behoort aan My.” Ja, Hy is die Maker van daardie formidabele gedierte. Ook die krokodil is Syne! Niemand kan die gedierte tem nie, net God!

As Job nie eers een van die skepsele van God, 'n krokodil kan aanvat nie, hoe kan hy dit dan nog waag om die Skepper van die krokodil aan te vat?

Net om dit nog verder goed in te vryf, word die mitologie aangehaal. Die seekoei en krokodil was albei gesien as mitiese diere (Behemot en Leviatan), oermonsters wat die

chaosmagte in die godewêreld beheer het. God beskryf die bonatuurlike mitiese krokodil wat die mense se gedagtegang gevul het: “As hy nies, spat die vonke, sy oë is so rooi soos die daeraad. Daar kom vuur uit sy bek, die vonke waai deur die lug. Daar trek rook uit sy neusgate, soos uit 'n kokende pot op 'n vuur. Sy asem steek vure aan, daar skiet vlamme uit sy bek.”

Selfs al was daar sulke mitiese drake soos hier bo beskryf, met ongekende krag, is God steeds die Skepper, die Maker van dit alles. Alles, selfs drake en die sterkste onder die sterkes buig steeds voor die almag van God.

Onwillekeurig dink ek aan die opgrawings van reusagtige diere uit die oertyd. Monsters wat die reuse ou olifant na 'n vlooi laat lyk. Wreedaardige roofdiere wat die leeu na 'n bang huiskatjie laat lyk. En my God het hulle almal gemaak!

Wat 'n wonderlike gedagte dat ek dus kan weet dat daardie groot en magtige God Hom oor my, nietige mensie ontferm. Dat Hy

bemoeienis met my maak en dat Hy my liefhet. Dat Hy my wil leer van Hom. Dat Hy my nie wil straf oor my sondes nie, maar my eerder styf in Sy arms wil vasdruk en my vertroos en vertroue in Hom gee. Dat Hy my wil leer hoe afhanklik ek van Hom is.

Wat was Job se reaksie oor dit alles? Môre sal ons DV sien.

Gebed:

Vandag kan ek weereens net neerval in verwondering voor U, Here. Dankie dat U my Vader is.

# Epiloog

## Job 42

God se teregwysing het die gewenste uitwerking: “Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.”

Job is tot sy sinne geruk. Daar het vir hom 'n lig opgegaan en skielik begin hy dinge in die regte perspektief sien. Skielik begin alles vir hom sin maak.

Inderdaad sit Job steeds op sy ashoop. Hy is steeds die bespotting van die gemeenskap. Hy is steeds vol sere. Sy liggaam stink steeds. Maar daar het iets met Job gebeur,

 **Terug na INHOUD**

iets wat hom weer laat besef het dat hy in die Almagtige God se hande is. Verséker gee God vir hom om, al het hy nie elke dag deur sy beproewing God se stem gehoor nie. Hy het begin besef dat God regverdig is al voel dit nie altyd so nie.

Dit is baie gevaarlik om op jou gevoelens staat te maak. Jou emosies kan wye draaie met jou hol. Hulle kan veroorsaak dat jy die verkeerde afleidings maak. Dit is selfs gevaarlik om na jou “gewete” te luister, want dikwels is jou gewete ook maar 'n skepping van jou eie gedagtes.

Iemand sê nou onlangs vir my dat sy so verskriklik skuldig voel oor haar verlede. “Sal die Here my ooit vergewe?” Dan vertel sy dat sy elke dag ure spandeer in gebed om die Here se vergifnis te vra. En sy hoop maar dat daar vir haar vergifnis sal kom. Pasop dat jou gewete nie 'n aanklaer word wat jou gedurig laat skuldig voel nie.

Luister liewer na wat die Woord van God vir jou sê. Die Woord is die ware Stem van die

Heilige Gees. Wat sê die Woord oor vergifnis? Wat sê die Woord oor God se genade? Wat is die beloftes wat almal opgesluit is in die Woord?

Wanneer Job die lig sien, praat die Here weer. Dié slag praat Hy egter met Elifas, een van Job se drie "goeie vriende". Hulle moet die waarheid hoor: "Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie."

Die drie manne het lelik gestruikel. Dit is 'n ernstige sonde om 'n onwaarheid oor God te versprei. Dit val in dieselfde kategorie as 'n vals profeet! Nogtans vergeld die Here hulle nie soos wat hulle sélf gesê het Hy sou doen met sulke sonde nie. Hulle kry opdrag om aan die Here te offer om daardeur hulle skuld te bely oor die dwase dinge wat hulle kwytgeraak het. Dan sal die einste Job, die een wat hulle verdoem het vir hulle bid. "Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie."

Nou moet hierdie drie Jobstroosters

eerstehands ervaar en leer dat hulle verkeerd was. God is beslis nie die God van toorn en straf nie maar die God van liefde en genade. Nie alleen vir die vroom Job nie maar ook vir die drie moeilike manne wat Job verdoem het.

Wat wil dit vandag vir my sê? Ons wil graag die Ou Testament lees in die lig van oorlog, vergelding en straf. Maar dan lees ons in Job van vergifnis en liefde en genade vir 'n sondige mens. God het nie verander nie. Hy is steeds vandag die regverdige God asook die God van liefde en genade en vergifnis. Jesaja basuin dit immers uit in Jes. 1:18: "Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu." As dit nie vergifnis is nie, wat is?

Job se verhaal eindig met 'n epiloog wat in prosa-styl geskryf is. Die verhaal begin met 'n stukkie prosa en eindig met prosa. Dit is soos 'n toebroodjie waarvan die vulsel poësiedialoog is, gedigte en nogmaals gedigte. In die epiloog ontvang Job se drie

vriende God se vergifnis. Hulle het 'n herstelde verhouding met God voorgehou as die enigste manier waarop Job God se vergelding kon vryspring. Hy moet dus vir God dien sodat hy weer voorspoed kon kry.

Job dien God egter om 'n totaal ander rede: suiwer omdat hy nie anders kan nie! Vir hom gaan dit oor God alleen en nie sy eie wins nie. Die ironie van die saak is nou dat Job, die aangeklaagde vir sy aanklaers moet bid!

Die verhaal eindig met Job wat nie alleen 'n herstelde verhouding met die Here kry nie, maar ook op materiële vlak herstel word. Hy ontvang 'n dubbele seën van die Here en gee God vir hom dubbel soveel goed terug as wat hy verloor het. Nie alleen kry hy 'n fabelagtige rykdom nie, maar ook sewe seuns en drie dogters. Interessant dat die dogters se name genoem word: Jemima wat "Tortelduif" beteken, Kesia beteken 'n heerlike spesery en Keren-Puk verwys na 'n horing waarin oogskadu gehou word. Hulle moes drie baie mooi meisies gewees het! En

baie buitengewoon vir die tyd erf die drie meisies saam met hulle broers.

En so kom ons aan die einde van 'n boek wat vir my persoonlik geweldig baie beteken het, 'n boek wat elkeen moet lees wat deur groot trauma gegaan het.

Gebed:

Here, dankie vir Job en vir alles wat ek van hom kon leer. Nou besef ek net weereens die grootheid van U liefde.

As hierdie boek vir jou
van waarde was, oorweeg
dan asseblief 'n donasie
deur hierdie ZAPPER QR
kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan
vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

 Terug na INHOUD